

ZASTRONNER

Gedruk deur Wepener Drukkers (051) 583 1148/51

~ Julie 2012 ~

Prys: R10.00

Nuwe rugbyveld ingelyf


Mnr. Van Loggerenberg het ons afgerig. Pierre Els was die kaptein. Ek en Hennie Cronje was maar in standerd een, maar ons was gekies vir die onder elf span van Hoërskool Zastron. Die span van 1975. Ons eerste wedstryd was teen Bethulie op die rugbyveld by die ou laerskool, deesdae bekend as Venterhuis, wat van die hoërskoolseuns huisves. Daardie span van ons was ook die laaste spelers wat 'n wedstryd op die veld gespeel het.



Die formidabele onder elfs van 1975! Bekendes van die omgewing op die foto is Henning Lategan, Sias Hoffman, Jan van Hasselt, Hennie Cronje en Danie Marais

Foto: Verskaf

(Helaas, die geskiedenis het homself herhaal en net soos ons teen Bethulie, het die o/11's teen President Steyn verloor!)



Zastron se onder elfs van 2012

Foto: Verskaf

Maar dit was gou vergete en die dag het pragtig verloop met 'n atmosfeer en samehorigheid wat ek lanklaas beleef het. Die gesellige kuier op die walle onder die bome moes sekerlik baie herinneringe by oud leerders terugbring het. Dit is voorwaar 'n kosbare nalatenskap wat hier hervestig is!

Die eerste rugbyspan het darem die knoop deurgehaak en soos die wyse onder sewe seuntjie gesê het: "As die eerste span wen, wen ons!"

~ Danie Marais

NOOD Nommers

Moet hierdie nommers asb. onder geen omstandighede misbruik nie!

SAPD Noodnommer	10111	SAPS Emergency No
SAPD Aanklagkantore (Gemeenskapsdiens Sentrum)	051 673 9700	SAPS Charge Offices (Community Service Centre)
Brandweer	082 564 3423	Fire Department
Ambulans	10177	Ambulance
Zastron Hospitaal	051 673 1211 / 1200	Zastron Hospital
Elektrisiteit Na ure	051 673 9600 086 007 6937	Electricity After Hours
Water Na ure	051 673 2033 083 574 7556	Water Na ure

Under no circumstances may these numbers be misused

EMERGENCY Numbers

NB: Insleepdienste 24uur NB: Tow-In Service 24hrs
Zastron Towing Sel - 082 959 4467 - Cell

Maak gerus gebruik van u vriendelike koerier.

NON STOP COURIER

Zastron, Wepener, Bloemfontein, Reddersburg,
Smithfield, Rouxville en Aliwal Noord.

(Koerier ook Zastron Nuusblad)

Kontak Martin Sel 076 853 9671

UIT ONS PEN

Goeie dag, Zastronners.

Die terugvoer oor die nuwe formaat van ZASTRONNER is oorweldigend positief en ons is baie dankbaar dat die koerant so goed ontvang word deur die gemeenskap. Daar sal seker altyd dingetjies wees waarop ons voel ons kan verbeter of foute wat deurglip - as gevolg van wat ook al - maar wees verseker dat ons te alle tye ons bes probeer. Die redaksie van ZASTRONNER behou die reg voor om briewe/berigte te plaas al dan nie. Indien ons voel dat iets onnodig negatief is, sal ons dit nie plaas nie. Dit is altyd 'n plezier om opinies te hoor, solank dit gebalanseerd en nie onnodig beledigend is nie.



Daar was heerlike opwinding in ons dorp met die massa-aksie wat beplan was om oor die toestande van die paaie te betoog. Die provinsiale regering het gelukkig gou genoeg ag geslaan op die ontevredenheid en die aksie is afgestel (of uitgestel, afhangende van die optrede van die provinsie). The promise made by the Free State MEC for Police, Roads and Transport, Mr Butana Komphela, was that the province will start proper maintenance on the road between Zastron and Wepener. Potholes will be repaired by using tar and not just gravel and this work will start by Monday 11 June 2012 and will be conducted by a large number of maintenance teams which will be dispatched from all over the province. Let's hope that mass action will not after all be necessary to remind the provincial government of its promise. Daar is deur ZASTRONNER uit verskeie oorde verneem dat daar nog nooit in die geskiedenis van ons dorp so deur verskillende dele van die gemeenskap saamgestaan is oor 'n probleem nie. Van skoolhoofde, taxi-eienaars en taxi-organisasies, tot boere, besigheidseienaars en gesondheidswerkers het uit een mond gepraat en was bereid om tyd en geld aan die saak af te staan. Namens ZASTRONNER salueer ons almal wat hard probeer om druk op die regering te sit om ons paaie reg te ruk. Ons is bankvas agter julle almal!

We are launching a photo gallery this month. It is hoped that photographers in our area will participate by publishing their photographs in ZASTRONNER. It is not a competition, but rather an opportunity to exhibit a creative work that you are proud of. The editors will choose one photograph per month for publication. Please submit your photograph by emailing it in the biggest and best possible format to squares@mweb.co.za.

We have been waiting long for the arrival of winter, but it is definitely here now! The beautiful, snow-covered mountains of Lesotho are at least a nice perk. Enjoy the view. Not many people in our country have the privilege of living in the shadow of such majesty. Also remember the less fortunate among us who go to sleep at night with empty stomachs and cold bodies. Support the local charities that distribute necessities to those in need.

Tot volgende keer, lekker lees en bly warm!

NEEM KENNIS

Zastronner behou die reg om berigte, artikels en briewe te verkort of terug te hou as dit nie vir publikasie geskik is nie. Alle probleme, asook wenke moet met die redaksie persoonlik bespreek word. Foto's moet van 'n gefrankeerde koevert voorsien wees om te verseker dat dit terugbesorg word. Die redaksie is nie verantwoordelik vir die betaling van foto-ontwikkeling nie. Die menings gepubliseer in Zastronner is nie noodwendig dié van die redaksie nie. Neem betyds kennis van die sluitingsdatums.

NOTICE


Zastronner reserves the right to shorten reports, articles or letters and to hold back any article or letter not suitable for publication. All problems and hints must be taken up with the editor in person. Send photos with a post-paid envelope included to enable the editor to return it. The editor is not responsible for the development cost of films. The opinion of the reporters is not necessarily that of Zastronner. Take notice in good time of the closing dates.

Afsnydatums vir die res van die jaar bly die laaste Vrydag van elke maand. Artikels, stories, briewe, ens. kan gestuur word na squares@mweb.co.za. In Desember sal ons 'n ekstra uitgawe uitgee waarin spesiale Kersfees boodskappe ens. sal wees. Zastronner is elke maand beskikbaar by:

Trio's, Oog bakkerij, Zastron Kafee, Zastron Drukkers, Nell's Restaurant, Squares en Kotteljonsie.



Bar & Restaurant

**Trading Hours:**

Tue - Sat 11am till late
Kitchen closes at 9pm

34 Hoofd Str
Zastron

Tel: 078 944 7354
GPS: S 30°18.494"
E 27°04.867"

Droomdorpe vir Suid Afrika

Twee-en-veertig droomdorpe in Suid-Afrika, en Zastron is een daarvan! Bonnievale het met die droom begin en dit het uitstekende gevolge gehad vir hulle dorp. Almal praat daaroor. Daar was 'n geleentheid om te registreer en om ons drome ook te begin droom.

Uit die Forum en TAKZA geledere gaan ons geleidelik begin droom en organisasies en mense vra om saam te droom. Ons nader mense, organisasies en elkeen wat ons aan kan dink. As almal 'n klein deel doen, word 'n groot deel maklik onder die knie gekry!

Groepe of organisasies wat al genader is, is byvoorbeeld die tennisklub oor die hoek by die tennisbane en ESKOM om te help met die snoei van die bessiebosse langs die sportgronde. Die boere, om te help met die drade span langs die sportgronde en die hek. Die tuinbouklub word gevra om te help met die snoei van die roostuin by die munisipaliteit. Die rugbyspanne van Zastron Hoërskool word uitgedaag om gate te graawe vir bome by die kliniek en dan ook die bome te plant. Die bome en struie word vanaf die staatskwekery bekom.

Ons het mense nodig om te droom, groot en klein, en te help om elke droom te laat waar word. Kom ons maak van ons dorp en ons land 'n beter plek om in te woon en te werk.

Kontak asb vir Annelize Kevé by 082 499 2361 vir meer inligting.

International Nurses Day 12 May 2012

On Thursday, 11 May, Matlakeng clinic celebrated International Nurses day. It was a great opportunity to give recognition to all those hard working hours and commitment. Each nurse received a card with the following words; "Bloom where you are planted, colour every day, like the flower – beauty brighten up life's way."

We are easy to complain when we have to wait to be seen by them but we don't realize the amount of people with physical and emotional problems which nurses have to deal with each day. They pledged to help each person to the best of their abilities and strive to do so.

Next time you have to sit and wait, remember, each and every person deserves the best treatment and your turn is coming. If you want to be treated with respect, respect others and even a 'thank you' won't hurt.

When love and skill work together, a masterpiece could be expected. Let us all work towards that; if we as patients 'love' and the nurse work as a 'skill' the end would definitely be a masterpiece.

Child protection week

Department of Health is celebrating child protection week during May. We want to give some advice on building your child's self esteem because it is hard for anyone to survive and succeed in the fast paced world we live in. If you have low self-esteem it is even harder because you don't have the courage to stand out and be counted. Fathers, it is especially you that builds a child's self-esteem and self confidence.

Following are ways to build a child's self-esteem:

- **Encourage activity.** Praise a child for trying and help them to use their imagination, intelligence and playfulness.
- **Encourage children to talk.** Children need to talk about their feelings and ideas, even if they are different from yours.
- **Make children feel special,** which you can do by spending time doing things they like to do.
- Tell them that they are special, this will help them to feel wanted.
- **Be trustworthy.** Everyone wants to be with someone they can count on.
- **Hug and kiss the children** (both girls and boys) in your life. You will be showing them that you love them.
- **Make children feel important.** This can be done when you share your feelings and ideas; discuss family and community events with them; help them feel good.
- **Make children fill an important part in the family.** Give them tasks to do in the home and let them help with planning activities and outings.
- **Give children a chance to make choices** and help them understand what happens when they make these choices.
- **Encourage children to talk about what they believe** in and help them to understand their beliefs. It also helps to discuss your beliefs with them.
- **Do not be judgmental.** When your children open up to you and talk about their beliefs, don't judge them and try to change their minds. Listen to them. Healthy discussion never hurt anyone.
- **Help them to set goals.** Discuss what they want out of life with them.
- **Be consistent.** Do not change a rule without discussing it with the children.
- **Praise children** when they do things you approve of. Recognize what they are good at.

Bikers for Mandela Day

Morgan Freeman en Zelda le Grange (mnr. Mandela se versorger en regterhand) kom Zastron toe, mét nog ongeveer 20 ander professionele persone - op motorfietse.

Elke jaar word 'n roete deur Suid-Afrika gekies en dan met motorfietse gery. Op bepaalde plekke tydens die roete word dorpe besoek. In elke dorp word projekte vir die dorp voorgestel en word die beste voorstel dan gekies. Hulp word dan verleen met die finansiering en benodighede vir die projek. Die groep kom verby op 15 Julie 2012 en spandeer 67 minute om te help om die projek klaar te maak. Hulle kom met 'n groot hoeveelheid media dekking, wat wonderlik is vir ons dorp.

Bloemfontein se "bikers" kom ook hierheen en ons wil ons eie "bikers" en elke moontlike organisasie by hierdie dag betrek. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om vir die gemeenskap van Zastron iets besonders te doen en ook om vir ons die publisiteit te gee.

Kom word deel van 'n kans van 'n leeftyd!!!!!!

Kontak vir Annelize Kevé (voorsitter van TAKZA) by 082 499 2361 vir meer inligting of voorstelle.

Tiisetso Mariti

Almal het hom geken as Sersant Mariti, die vriendelike speurder wat almal geken het, altyd vriendelik gegroet het en 'n lekker geselsie kon aanknoop. Die dae toe hy nog in die diens van die S.A polisie was het hy altyd geweet wie die skollies was en baie gou die skuldiges aangekeer.

Op 'n Sondag was hy altyd netjies uitgevat in sy kerkpak en blink motor. Hy was trots op sy huis, gesin en sy gemeenskap. Aan sy eggenote en familie wil ons huldeblyk aan hom oordra.

~Bill Shaer

MH MARCO HEYMANS FINANSIELE BEPLANNERS

Marco Heymans - AFP
(Associate Financial Planner)

NUUSFLITS / NEWS FLASH

KORTTERMYN VERSEKERING

'n GPS is nie outomaties gedek onder Alle Risiko of Motor Afdelings nie, dit moet gespesifiseer wees om enige dekking te geniet.

Spesialiseer In:

- Boedelontleding en Boedelbeplanning
- Aftree beplanning
- Korttermyn Versekering
- Mediese fondse

Gemagtigde Finansiële verskaffer Nr. 17579

- Lid van die Versekeringsmakelaarsraad van SA.
- Geakkrediteerde Mediese Fonds Makelaar.
- Sertifikaat van bevoegdheid in Korttermyn versekering.
- Assosiaat van die Finansiële Beplannings Instituut.

2 President Hoffman St, PO Box 158, Smithfield 9966

(051) 683 0234/180 0866 045 074 082 7800 697 mheyman@zipplink.co.za

G.A.T. Makietie

Soos in die vorige uitgawe verduidelik, is hierdie jaar se fees omtrent 'n tipe bruilof - 'n samevoeging van twee komitees, ietsie oud, nuut, geleen en..... amper iets blou – die organiseerders werk bykans dag en nag aan die blou verrassing.

Wat ons NIE mooi verduidelik het nie, is dat dit 'n behoorlike plaas-waenhuis-opskop gaan wees. Jy weet – 'n regte boere besigheid. Die komitee het dit goed gedink om 'n baaaaiiiee groter landbou aanslag aan te wend hierdie jaar. Ons is mos darem 'n boere-gemeenskap en die hele toetie gaan daar wees – vee, implemente, trekkers, voertuie en allerhande katoeters (gadgets)!

Die fees is eerstens vir ons eie mense en ons wil hiermee graag al die boere betrek en bederf. So, tek-en NOU reeds die datum van 20 Oktober 2012 op die almanak aan – Nampo is mos nou afgetick, nou is dit GAT fees wat voorlê!

Een van die belangrikste items op 'n skuur-makietie is natuurlik die spysse.

Dames en here, hiermee dan amptelik die eerste GAT verrassing: Ons eie GAT kook kompetisie! Hoe opwindend is dit ????????????????

Die “master chef” televisiereeks het mos elke land en elke kok en aspirantkok aan die gons en hou almal vas-genael voor die kassie, so nou gaan ons bloot ons eie Zastron meester aanwys!

Die presiese besonderhede van hierdie spesiale “cook-off” kompetisie sal wel volg, maar dit is wel hoogs aan te bevele dat jy nou reeds fluks nuwe resepte oefen en gereeld vir Jamie onder oë kry.

Die ander onontbeerlike bestanddeel vir 'n suksesvolle skuur-skoffel, is natuurlik meel op die vloer en ordentlike sakkie-sakkie musiek.

Beskou dit as afgehandel.

Want Adam Tas WEET hoe om dit te bewerkstellig. Hy weet waar Skilpadtepel is en die res van sy repertoire sal vir al die jukkende voete sorg!

~Retha Marais

JAY – 9 MEI 2012

Jay het Woensdag 9 Mei 2012 op Zastron opgetree saam met 400 leerlinge. Elke graad het 'n liedjie van hom of Eden gekies en 'n revue daarop uitgewerk en geoefen. Die aand van die optrede het Jay die leidjies gesing en elke klas het opgetree – van die graad R klas regdeur tot die graad 12 klas. Daar was ook 'n verrassingsitem wat die personeel ingesluit het. Almal het dit terdeë geniet. 'n Onderhoud is met Jay gevoer en hy het op die volgende vrae soos volg geantwoord:

Waar is jy gebore? Ek weet regtig nie. Terwyl my ma by iemand gekuier het, het ek my opwagting 'n maand en 'n half te vroeg gemaak en ek weet nie in watter dorp dit was nie.

Waar het jy skool gegaan?
In Lady Grey.

Wat is jou gunsteling gereg?
Skaaptjops.

Watter van jou liedjies is jou gunsteling?
Soms sien jy my.

Hoeveel kinders het jy?
Twee seuns.

As jy 'n ander beroep kon kies wat sou dit wees?
'n Boer.

As jy iets anders kon wees, wat sou dit wees?
'n Hond.

Wat is jou boodskap aan ons jongmense?
Moenie laat iemand ooit vir jou sê dat jy realisties moet wees nie. Moenie klein droom nie! Nooit nie!

Jay het ook gesê dat dit die heel eerste keer is dat die hele show deel was van 'n revue. Gewoonlik is dit net een of twee liedjies. Hy het dit baie georganiseerd beleef en gesê hy kan sien almal het baie hard geoefen. Dit het vir hom gelyk of die kinders dit baie geniet het.



Dawie Venter (skoolhoof), Jay & Amanda Bekker
(beheerraadsvoorsitter se vrou). Amanda oorhandig aan Jay 'n geskenk. Foto: Verskaf

ZASTRON PRINTERS

26 Majozi Street • Zastron

☎ 051 673 1096

- ◆ Copies
- ◆ Photo Printing
- ◆ Stationery
- ◆ Scrap Booking Albums & Supplies
- ◆ Cycle Parts
- ◆ Laminating
- ◆ Binding

Hoërskool Zastron word “gekruiskyk”


Op 15 Mei 2012 is hare reg geskud, klere afgestof en tande uitepak, want Hoërskool Zastron gaan op die ‘kassie’ verskyn. Kruiskyk bied ‘n program ‘tienerzone’ aan waar skole besoek word om hulle kultuuraktiwiteite aan die land te wys. Die leerders skryf ook in vir die ‘solis vir Christus’ kompetisie en het 90 sekondes om op kamera hul sangtalent te bewys.

Veertien van Hoërskool Zastron se leerders het deelgeneem aan die kompetisie met die hoop dat twee deurdring na die finaal. Die finaal bestaan uit 24 skole se soliste vir Christus. Die leerders word vooraf afgeneem en deur middel van ‘You Tube’ word video’s na die vervaardigers in Johannesburg gestuur sodat hulle kan sien hoe die soliste vaar.

Die leerders tree volgende voor ‘n gehoor op wat deur middel van ‘n sms vir hulle gunsteling stem. ‘n Totaal van 1500 stemme is getel en ‘n junior en senior wenner is aangekondig. By die meeste skole kan net twee wenners deurgaen, maar Zastron het gesorg vir ‘n opskudding. Die vervaardigers het talent in nog drie van ons leerders gesien, met die gevolg dat daar vyf van Zastron se leerders deurdring na die finaal wat 29 Julie 2012 in Kemptonpark plaasvind.

Die episode word op 31 Augustus 2012 op Kruiskyk uitgesaai. Moet dit nie mis nie, want hier op Zastron gebeur groot dinge!

Die leerders wat in die finaal gaan deelneem is Van Zyl Cronjé, Mischa van der Berg, Antonie Lombaard, Luzé Fouché en Keke Spyker. Baie geluk!



3de ry: Dawie Venter (skoolhoof), Anthonie Bougus (Kruiskyk), Ju-Marie Hugo (onderwyseres), Luzé Fouché.
2de ry: Keke Spyker, Mischa van den Berg.
Voor: Van Zyl Cronjé en Antonie Lombaard.

Foto: Verskaf

‘n Lekker uitaandjie

Pik en proe ... klink dit vir jou na ‘n klomp werfhoenders? Moenie glo nie. Ons is ‘n klomp “uitgevrete” Rouxvilliete wat “vreetsaam” saam verkeer.

Kom ek verduidelik. Die Diens van Barmhartigheid – dis een van die kommissies van die NG Kerk, Rouxville – bied jaarliks ‘n Proe-aand aan.

Enige man of vrou met ‘n voorskoot kan sy geliefkoesde dis inskryf onder een van die volgende afdelings: vleis, vis, hoender, potjiekos of bredies, bykos, groente, slaai, brood, warm nagereg en koue nagereg.

Na ds. Koos se tafelgebed kan ons nie wag vir Trix om die nodige te sê nie. Sy laat ons baie welkom voel en moedig ons aan om te pik en te proe. Weet nou nie wat het háár laat dink ons het enige aanmoediging nodig met die feesmaal voor ons uitgestal nie.

Nou moet jy die genoegdoening sien. Dit maal rond met kleinbordjies en teelepels. Dit skep en proe en lewer kommentaar want onthou, by elke kategorie moet daar ‘n wenner aangewys word. Vir R30 per kop was ons heel gedienstig om die takie uit te voer.

Intussen speel André die heerlikste musiek – onthou ons dans nie in die kerksaal nie – geniet net ‘n glasier wyn om die palet skoon te maak.

Hier volg nog goeie nuus! Corlia en haar span het soveel borge “afgepers” dat daar by elke afdeling ‘n 2de en 3de prys ook was, plus nog pryse vir ‘n klompie gelukkige trekkings afhangende van jou toegangskaartjienommer.

Nou ja... lanklaas soveel gemoedelike en versadigde vriende die naglug sien instap om met ‘n salige glimlag hulle oor te gee aan die heerlikheid van ‘n eie bed.

Sien jou daar volgende jaar!

Groete

Elodie



Vlnr: Sakkie Jacobs, Junior Jacobs, Charles Niehaus, Marthie Raubenheimer, Kriel Niehaus, Ronel vd Merwe, Ria Sieberhagen Fouché, Rita Jordaan, Annatjie Venter, Hendrik Jordaan, Tix Snyder, Thea Fouché, Johan Fouché en Ds. Charles James.

Foto: Verskaf

Ontmoet mense oor kultuurgrense

19 Mei 2012

Die getuieniskommissie van die NG Kerk Rouxville het 'n opleidingsgeleentheid aangebied in die Kerksaal op 19 Mei. Ds. Charles James het dit aangebied en wat 'n heerlike ervaring. Op gemaklike, eerlike wyse het hy ons geïnspireer, gerig gemotiveer en bemoedig. Wat 'n pragtige oggend! Ons was verteenwoordig deur drie verskillende dorpe.

Ons het soos gewoonlik heerlik saam aanbid deur sang en die Woord. Die saal was pragtig versier met swart tafeldoeke en 'n verskeidenheid helder, blink draperings. Dit simboliseer die pragtige diverse verskeidenheid van ons gemeenskappe. Herfsblare van die "Virginia Creeper", rondgestrooi op die tafeldoeke, vertel ons van die voorstelling van die koue winter wat in harte leef, maar in ons Meester, is die skoonheid van die blare verfrissend sigbaar.

Ds. Charles het ons gelei om te beplan hoe om ons gemeenskap te kan dien en bereik. Ons het ook die voorreg om boere teenwoordig te kan hê, want op plase is dit heeltemal 'n ander opset. Ons hoop dat hierdie projek op plase ook verder sal uitbrei. Ons vertrou dat die Here ons sal rig en lei om te doen wat Hy van ons verwag. Mag ons almal as Christene ons skeppingsdoel erken en herken en in dankbaarheid uitleef.

Enigiemand wat wil deel wees van hierdie projek kan ons gerus kontak. Moontlik kan ons van ds. Charles se kennis inploeg in jou unieke gemeenskap waar jy ook al is.

'n Lootsgroep of komitee, van drie persone is gekies om die "waters" te toets by geïdentifiseerde organisasies en groepe.

Die persone om te skakel indien u voel u wil aanhaak by die projek is:

Annatjie Venter 0824416567
Thea Fouché 0849512279

~Ds. Charles James, NG Kerk Pellisier

*Tell the negative committee
that meets inside your head
to sit down and shut up!*

Ann Bradford



'We will do our best for you!'

Sandra Cusens
073 3277 633

**Koop & verkoop van huise,
besighede en plase.
Verhuringe**

Zastron Drukkery Gebou
Majozi Str. 26 ZASTRON
Tel/Faks: 051 673 1096

e-pos:scusens@xsinet.co.za

Om te groet of nie te groet nie

Toe ons 'n paar jaar gelede hier in Zastron aangekom het, was dit vir my aanvanklik 'n aanpassing om gewoon te raak aan die groetery. Menige keer moes ek iemand vra wie my nou die oggend gegroet het. Dan moes ek verduidelik hoe die persoon lyk, watter motor hy gery het, watter kant toe hy gery het, watter tyd van die dag dit was.....so veel inligting moontlik net ingeval ek die persoon behoort te ken! Totdat ek uitgevind het dat hier in Zastron groet almal maar altyd vir almal. Dit vat tog geen energie om 'n vinger van 'n stuurwiel af te lig nie – daai "Zastron finger" soos Charmaine Naidoo dit genoem het. Net soos sy geniet ek ook die gevoel van behoort aan die gemeenskap as ek so gegroet word en self ook groet. Ek vang myself soms dat ek in die stad mense groet – hulle kyk my so bietjie snaaks aan, maar dan dink ek ag foeitog, waar ek vandaan kom groet ons lekker!

Behalwe as jy nie 'n groeter is nie. Ken julle daardie mense? Die wat maak of hulle jou nie sien nie – wat in Vananco aandagtig kyk na iets op die rak om nie oogkontak te maak nie – wat straat-afkyk as jy straat-op aankom. Wat 'n snaakse persoonlikheid moet so 'n ou nie hê nie? Vir wat sal jy nou iemand spesifiek NIE wil groet nie – veral as dit jou vriend is! Dan kry mens mos ook die kondisionele groeters; die wat net onder sekere omstandighede groet. Hulle groet jou byvoorbeeld nie as jy deel van 'n groep mense is nie. As jy alleen is word jy gegroet, maar tussen ander nie. Gits, dit verbyster my telkens. Vang my onkant. Ek voel lankal nie meer in die gesig gevat nie – mens ken mos na 'n ruk jou "customers".

My gevolgtrekkings is; ek is nou definitief 'n volwaardige Zastronner en ek sal die mensdom seker nooit kleinkry nie!

Dankie, groeters! Dis lekker om te groet en gegroet te word.

~Deur 'n anonieme groeter -

JUNIE

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
					1 10:00 Zastron landbou 18:00 N.G.K. Mannebiduur	2 Medal Gholff 8:00 Nell's Oggend Mark 10:00 Tuinbouklub 0/16 en 0/18 Vrystaat Rugby Proewe
3 N.G.K. Doop en kinderdien	4 19:00 Lionsvergadering	5	6	7	8 18:00 N.G.K. Mannebiduur	9 Vrystaat Griffons 0/16 en 0/18
10 N.G.K. Biddag vir jeug en katege	11	12	13	14 Rolbal besigheidsliga N.G.K. Diakonale inbetaling	15 18:00 N.G.K. Mannebiduur	16 Jeugdag N.G.K. werkswinkel Verhoudings wat werk N.G. Kerksaal Gaspreker: Dr. Jannie Pretorius
17 Vadersdag N.G.K. Kategeese afnaweek Informele diens	18	19	20 9:30 H.V. Beheerraad verg.	21	22 Skole sluit 18:00 N.G.K. Mannebiduur	23 Bondedag 0/18 Cravenweekspan (weg) Gholff Bonus Bogy
24 Reitz Rugby week begin	25 HS Zastron Interprov. Netbaltoernooi Theuns v Rensburg - Tennis	26 HS Zastron Interprov. Netbaltoernooi Theuns v Rensburg - Tennis	27 HS Zastron Interprov. Netbaltoernooi Theuns v Rensburg - Tennis	28 HS Zastron Interprov. Netbaltoernooi Theuns v Rensburg - Tennis	29 HS Zastron Interprov. Netbaltoernooi Theuns v Rensburg - Tennis 18:00 N.G.K. Mannebiduur	30 A.G.S. Vroue kosverkope Kontak: Tossie 0838680948 of 051 6731054

ONDERHEWIG AAN VERANDERING

JULIE

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1 N.G.K. Doop	2 19:00 Lionsvergadering	3	4	5	6 10:00 Zastron Landbou verg. 18:00 N.G.K. Mannebiduur	7 Medal Gholf 8:00 Nell's Oggendmark 10:00 Tuinbouklub verg.
8 HS Cravenweek - PE	9 HS Cravenweek - PE	10 HS Cravenweek - PE 9:30 H.V. Gryslys	11 HS Cravenweek - PE 14:30 V.V.A Bestuursverg.	12 HS Cravenweek - PE Rolbal - Besigheidsliga	13 HS Cravenweek - PE 18:00 N.G.K. Mannebiduur	14 HS Cravenweek - PE
15	16 Skole Heropen 18:00 N.G.K. Finansies verg.	17 17:30 N.G.K. Erediens en sang	18 17:30 N.G.K. Leer en Aktueel 18:00 N.G.K. Getuienis	19 18:00 N.G.K. Jeug	20 18:00 N.G.K. Mannebiduur	21 Gholff- Boeredag/Vleisborg BKB LS & HS Pres. Steyn Sportdag
22 N.G.K Kinderdiens	23	24 18:00 N.G.K. Eiendom verg.	25 13:30 Bloedskenk	26	27 18:00 N.G.K. Mannebiduur Zastronner afsnydatum	28 Melodrama Zastron Hoërskool Gholff - Bonus Bogy HS Rugby @ St. Andrews
29	30	31 B1 Rugby semifinaal				

ONDERHEWIG AAN VERANDERING

ZASTRON STADSRAAD 1912

Mei 1912 was 'n besige maand vir die Zastron Munisipaleraad. – talle vergaderings is gehou:

- 2 Mei 1912 Gewone vergadering.
- 8 Mei 1912 Bou kommissievergadering insake die stadsaal.
- 11 Mei 1912 Vergadering van belastingbetalers.
- 17 Mei 1912 Gewone vergadering.
- 22 Mei 1912 Bou kommissievergadering insake die stadsaal.
- 22 Mei 1912 Spesiale vergadering.
- 27 Mei 1912 Bou kommissievergadering insake die stadsaal.

Probleme is ondervind met die saniteitsinspeksies en kry die inspekteur 'n finale waarskuwing omdat hy nie sy werk doen nie. Heelwat aansoeke aangaande die aanlê van waterpype is ontvang. Die waterfiskaal moes sorg vir water in die nuwe koeikamp van 7h00 tot 9h00 en dan weer van 16h00 tot 17h00.

Tydens 'n vergadering van belastingbetalers, is daar algemeen besluit dat die munisipaliteit 'n lening van £2500 mag aangaan vir die oprigting van die stadsaal. Die bouery geskied nie sonder probleme nie. Stene wat aangekoop is, was sub-standaard en 'n telegram moes aan Heer Schultz gestuur word, insake die probleem op te los, uit vrees dat die gebou afgekeur kan word. Kwotasies moes ook solank ingewin word vir die aankoop van stoele en "kloken". Wat sou van die laasgenoemde geword het indien dit aangekoop is?

Ek sal julle op hoogte hou van die verwickelinge rondom die stadsaal se bouery...

En les bes, die sportkomitee beoog 'n byeenkoms op 31 Mei 1912. "Dat met het doel om sports aan te moedigen in Zastron...een beker van minstens £4.4 als eerste prys van de 5 myl Bicycle Race te worden gewonnen..."

'n Vragie vir ons kinders.... Waarom was die byeenkoms juis op 31 Mei? Waarom was hierdie datum belangrik gewees?

*Vergadering van de Bouw Komitee gehouden op Maandag
de 27^{de} Mei 1912*

*De aanwezige de Heeren P. de Plooy (Voorzitter) G. Dykman, S. C. Halting,
F. Labuschagne, J. B. Voortman, E. Munster, J. M. Steyn en J. M.
Mynhardt.*

*De Voorzitter zei dat hy de Vergadering opgeroepen had
omdat hy de Bakkereien dat aangekomen werd naar de
nieuwe stadsaal, niet geschikt achtte voor dat doel.*

*Na eenige discussie, verdaagde de Vergadering een oogenblik
en ging allen om de Stenen in oogenblik te nemen
terug gekomen zijnde stelde de Heer Munster - Mynhardt
voor dat de Bouw Kommissie de Bakkereien dat by de
gebruik geleverd zijn geheel afkeuren, en dat een telegram
aan de Heer Schultz te dien effekte gezonden worden.
Algemeen aangenomen.*

Vergadering verdaagd.

Voorzitter

Secretaris

Hermaans de Vos "The Watergogo" (Water insect)

This is a true story of an old Bushman, called Hermaans.

Hermaans was a genuine Bushman, small in stature, very yellow with is "peppercorn" (frizzy) hair, dotted in his head. He was also an excellent farrier (shoeing horses). He had been trained by an Irish blacksmith in Middelburg, one of the last blacksmiths.

I can remember Hermaans, a real character, as he was often brought to our farm to shoe the racehorses, between 1940 and 1950. If you needed a farrier you would go to town and find Hermaans. He was usually under the influence of alcohol but would sober up on the bakkie on the long trip to the farm. On arrival at the farm he would get off the vehicle shouting "I am Hermaans de Vos, the Watergogo". He loved having an audience and our children would gather around him to hear his wonderful stories. He served as a stretcher bearer in the Second World War and was decorated for bravery. When he came home from the war, many important people went to the station to welcome him back. However, he was so under the influence that they had to put him in an ambulance. He had a scar on his head due to a burn mark when he fell with his head on the stove, but he told everyone that it was where he was wounded in the war.

One day while he was on the farm, the phone rang with a message that his wife had died. My dad offered to convey the sad news to him, so he was called to the house. After Dad told him the news, he just said that he never liked her anyway, and continued with his work.

Once we found him begging for money for bread and we gave him a loaf of bread. He threw it into the gutter and said: 'What must a do with all this bread?'


Such unique characters are hard to find. I smile every time I think about him.

~Helen Dixon

ZASTRONNER PHOTO GALLERY

This is the launch of the ZASTRONNER photo gallery. The idea is to publish a photograph, taken by a local photographer each month. It is not intended to be a competition, but merely a showcase of local photography talent. If you would like a photograph published of which you are particularly proud, or one that tells a particular story, mail it to us at squares@mweb.co.za in the largest and best possible format. Don't edit it too much as this degrades the quality when it comes to printing it. Give us a short description of the photograph, like where it was taken, at what time of day, etc. Provide your camera settings too, if you like.

Here is the first one: Taken by me, Maria Shaer, on 29/04/2012 at 17:45 on the road to Montague dam. It was after sunset – in what is known as the "golden hour" that produces the best colour; the half hour just before and just after sunset. I used a tripod and took about 50 shots! This one captured the light the best. Settings: aperture f8; exposure time 1/60sec; ISO 400




Vegkop

Photo: M. Shaer

KOTTELJONSIE

Matheestraat 23 • Zastron
Tel. 051-673 1369



- Nuwe servette
- Vars neut
- Wintersbolle
- Rypdoek

**Love is
what
we are
born
with**

**Fear is
what
we
learn**

Bib Nuus

Op Vrydag 11 Mei 2012 het 'n paar kinders pragtige Moedersdag kaartjies gemaak by Zastron Biblioteek. Tu Mnyameni is 'n vriendin van die Biblioteek en help graag die kinders met hulle handewerk.



Vlnr: Joy van Eck, Rethabile Elisha, Jacqueline Watkins, Tu Mnyameni (toesighouer), Erica Chen, Anita Chen, Fumane Maphaha en Sweetie Mdladlamba.

Foto: Verskaf

BKB

- Wol en bokhaar
- Lewende hawe
- Eiendomme
- Handel
- Finansieringsdienste

Handelstak: 051 673 1171 Frikkie Landman 082 458 6099

Skeerdiens: 051 673 1528 Johannes Pienaar 082 772 2598

Vesel (Wol): Louis de Jager 082 829 8510

Tuiste van Landbou

herdink.herwin


Email: www.bkb.co.za

Gesoek: 2012 se top-biltongmaker

Skryf in vir Stellenbosch Hills se Biltongmaker van die Jaar-kompetisie en kom in aanmerking vir R60 000 se pryse!

Hoe werk dit?

Zastron Slaghuis



Anton en Leon
Scorrano

U VARSVLEIS-
VERSKAFFER

Nou in voorraad

**Silwer skoon
gekrapte skaap afvalle**

Presto Aquabita Servizio • Vinnige betroubare diens

Faks en Tel. 051 673 1020/673 1331

Hoofdstraat 25, Zastron

Na ure - 051 673 1534 of

051 673 1560

Dié kelder kies elke jaar een van hul wyne as inspirasie, en die wenner se biltong moet dié wyn uitstekend komplementeer. Vanjaar het die keuse op die Stellenbosch Hills Shiraz 2007 geval. Voornemende deelnemers moet voor of op 1 Augustus 2012 registreer teen 'n koste van R150 - daarvoor ontvang elkeen 'n bottel Stellenbosch Hills Shiraz 2007 en 'n pak Freddy Hirsch-speserye; hulle kan enige vleis vir hul biltong gebruik.

Teen 31 Augustus moet elke deelnemer 500g biltong by Stellenbosch Hills aflewer. Beoordeling vind vroeg in September plaas, waarna die eerste drie plekke aangewys sal word.

Besoek stellenbosch-hills.co.za vir inligting, of skakel 021 881 3828 en begin dadelik oefen aan jou wenresep!

Lees my blog op tuis.co.za oor my eie probeerslag.

~Johané Neilson (Tuis tydskrif, Junie 2012)

Tuinbouklub

Die tuinbouklub het op 12 Mei 2012 by Samuel Johnson skool vergader. Mees, wat by die skool betrokke is het 'n praatjie aangebied oor "permaculture".

Permakultuur streef daarna om tuin te maak in harmonie met die natuur. Jy kan sodoende jou impak op die natuur verminder - jou eko-voetspoor verminder.

Ons het geleer watter groente om bymekaar te plant om die beste resultate te kry, en terselfdertyd die grond te voed. Kyk gerus na www.permaculture.org.uk of www.permaculturesouthafrica.com om meer hieroor uit te vind.

Mev. Coral Carter het tuingereedskap gewen met haar beste tuinwenk van die maand. Almal het saad gebring en met mekaar uitgeruil. Ons nooi almal uit om die tuinbouklub by te woon, dis net R15 per persoon. Kom leer en deel alles oor tuinmaak in ons omgewing. As u enige navrae het, skakel Louise de Beer by 0797011435.



We need to teach our daughters to distinguish between:

a man who flatters her
and a man who compliments her,
a man who spends money on her
and a man who invests in her,
a man who views her as property
and a man who views her properly,
a man who lusts after her
and a man who loves her,
a man who believes he's a gift to woman
and a man who believes she's a gift to him,

And then we need to teach our sons
to be that kind of man.



Betonprodukte/Concrete products

- Lateie/Lintels (110mm & 150mm)
- Stepping stones
- Geutafvoere/ Rain water channels
- Veekrippe/ Cattle troughs
- Vensterbank teëls/Window cill tiles
- Gryswater inlate/Gulley tops
- Copings
- Lugstene/Air bricks
- Veekrippe/ Cattle troughs



Kontak Danie Marais 0824405859
Wiets Marais 0731702478
21 Mathey st. Zastron



Die Suiwel Den

Gustavus str 22, Zastron

**Vir vars melk, kaas,
ysies en roomys**

Spesiale aanbieding:

**Gevriesde "Gereed-om-te-eet" Maaltye
Ham en Spinassie Pasta
R18-00**

**Macaroni met maalvleis en kaassous
R24-00**

**Kom loer gerus en kyk na
Zastron se jaarbeplanner vir 2012**

**Winkel 051 673 1035
Petro 071 254 0176**

“The Italian Greyhound”

Groep: Toy Breed

Gewig: 3.3 – 5kg

Lewensverwagting: 12 – 14 jaar


Hoogte: 32 – 40cm

Kleure: Alle skakerings van room, wit (pied) – swart kolle, veral om die oë. Swart (seal), rooi, blou of enige van die bogenoemde kleure met wit. Suamore Kennels Matheystraat 55, Zastron. KUSA Geregistreerde teler en IGFSa lid.

Hierdie is nie net sommer ‘n gewone storie nie. Hier gaan dit oor ‘n legende van eeue gelede. In Egipte het die Faraos nie net jagluiperds en leeus as troeteldiere aangehou nie – hulle het klein elegante en trotse hondjies gehad wat in hulle huise en paleise gepronk het. Hierdie klein hondjies is na bewering deur Romeinse soldate na Italië gebring, waar hulle uitsluitlik troeteldiere van die adelstand was.

Hulle is lewenslustig, minsaam en floreer op menslike kameraadskap. Vereis min versorging tog sal hulle ‘n jassie in wintersmaande verwelkom. Hulle lieflike geaardheid maak hulle oral tuis.

Ek het op die plaas eers met Boerwindhonde geteel. Nadat my reün, Beer, kanker gekry het en ek hom in 2009 moes laat uitsit, wou ek hom nie vervang nie. Dit is toe dat ek kennis gemaak het met hierdie ras en dadelik my hart verloor het op hierdie pragtige miniatuur Windhondjies. Hoewel hulle ‘n ras in eie reg is en nie kleiner geteel is uit die gewone Windhonde nie.



Sedert Februarie 2010 is ek geregistreer en het my eerste ses hondjies bekom. Ek is baie trots op my twee en ‘n halfjarige tefie Jaracca Baby Spice of Suamore. Sy het haar eerste skou-ervaring in Augustus 2011 gehad en na net 9 maande en 7 skoue het sy ses kampioenskap-sertifikate verwerf en haar nasionale kampioenstatus die

19de Mei 2012 ontvang. Sy was in Oktober 2011 ook die trotse ma van 5 pragtige hondjies.


Ek spits nou my aandag toe op Little Boots of Suamore (ook ‘n tefie). Sy het drie reserwe kampioenskappe verwerf, en ek glo sy sal ook binnekort my volgende kampioen wees. Haar vier hondjies is in Augustus 2011 gebore.

Jarraca Anna Vissi of Suamore, my rooi tefie, is ‘n skamele 32cm hoog. Ongelukkig weerhou ‘n skewe tandjie haar van skoubaan. Hopelik verras sy my die jaar met haar eerste werpsel.

My teelreun, Jarraca Jailhouse Chili of Suamore het as jong hondjie verskeie toekennings verwerf, waaronder, Best puppy in Show.

Die twee jong hondjies wat ek van my werpsel gehou het, Suamore Ghita (tefie), nou nege maande, het al haar eerste skou-ervaring gehad, waar sy haar klasse gewen het. Ongelukkig tel dit eers as hulle een jaar oud is.

Suamore Felicio (reuntjie) is ‘n besonderse hondjie waarin ek baie vertrou as toekomstige teelreun en kampioen het. Hy is nou net sewe maande oud en beskik oor al die eienskappe van ‘n kampioen.



COMPU DOCTOR

VAT Reg. No: 4740224920

Greg Casten

- Computer Hardware & Software support
- Repairs, Networking & Internet Facilities

Tel: 051 - 673 1791

Cell: 082 307 6365

compudocor.zastron@telkomsa.net

Cnr of Reichenberg &
Hoofd St. Zastron


God in our Gardens

"I come to the garden alone,
while the dew is still on the roses
and the voices, I hear, falling on my ear
The son of God discloses."

CHORUS:

"And He walks with me,
And He talks with me,
And He tells me I am His own.
And the joy we share, as we tarry there,
None has ever known."
With these beautiful words,
I know God lives in our gardens,
If we want to find Him there.
With the changing seasons,
we can see His handy work.
Now in spring, the most beautiful season of all,
With blossoms bursting into bloom.
Pale pinks and white, the exotic creepers,
Jasmine and Wisteria all these fragrant perfumes.
The willow trees are decked in pale green.
The birds in my garden are so busy starting
to make nests.
The early morning bird call is like music.
I am sure God is pleased with His works of art.
Here we can commune with our
Great Maker and praise Him.

Submitted by: Helen Dixon



Gryswys

Elke tweede Dinsdag van die maand is dit Gryswysdag, die dag spesiaal vir al ons senior burgers. Dan kom ons bymekaar vir 'n spesiale program: soms ernstig, soms grappig, maar altyd iets wat ons prikkel, iets om te onthou.

Die Mei-program was in die vorm van 'n vasvra, waar ons kennis oor verskillende onderwerpe getoets is. Die eerste afdeling was oor afkortings. Wie weet bv. waarvoor EKG, OTM en VIGS staan? In afdeling 2 is ons kennis van blomname getoets: duiwel-in-die-bos, boer-in-die-nag, besoetjie, ens. Afdeling 3 het gehandel oor fobies, waar woorde soos niktafobie, akrofobie en triskaidekafobie onlelik laat struikel het! Toe ons kom by afdeling 4, waar verskillende hoofstede en bergreekse geïdentifiseer moes word, was daar egter geen keer aan die 2 spanne nie, behalwe met die hoofstad van Mauritius en die Musgrave-berge. Toe kom die lekker deel, waar ons diere en plante moes gaan soek in die liedjies waar hul wegkruip. Tog snaaks hoe so 'n dier of plant op 'n mens se tong kan wegkruip, terwyl jy die wysie al jare lank ken!

Heel gepas is ons program afgesluit met 'n koppie tee en 'n eetgoedjie en ons sien alweer uit na die volgende Gryswysdag.

~Heléne Snyman

Re-engineering

Re-engineering is die nuwe mode woord wat in gesondheidskringe gebruik word. Wat presies is dit? Re-engineering is Departement van Gesondheid se nuutste poging om gesondheidsdienste na die gemeenskap te neem. Dit is die dorp se 'mobile clinic'. Met ander woorde die suster kom besoek jou by jou huis indien dit vir jou moeilik is om by die kliniek uit te kom. Terselfdertyd word pasiënte wat nie hul opvolg besoeke nakom nie, opgespoor. Ondersteuningsgroepe is gestig met die oog op opvoeding oor verskeie mediese toestande.

Daar is elf vrywilligers wat behulpsaam is met die program. Hulle kry 'n minimale vergoeding en gaan fisies van huis-tot-huis om probleme te identifiseer en aan te meld.

In samewerking met rehabilitasie word loophulpmiddels aan bejaardes en mense met gestremdhede uitgedeel. Hulle doen ook tuisbesoeke waar nodig.

Baie noue samewerking met die maatskaplike werkers vind plaas. Identifisering van verskeie sosiale probleme word gedoen soos kinders aan die hoof van 'n huishouding, verwaarlosing en voedingsnood.

Baie sukses is reeds behaal met die program alhoewel dit nog in die groeifase is.

Re-engineering vervang nie die dorpskliniek uitreike nie. Sr. van Vuuren is steeds Dinsdae van 09:00 tot 12:00 by Huis Vergesig se agterste hek en van 13:00 tot 15:00 by die Munisipaliteit beskikbaar. Sr. Coetzee is Dinsdae by 'n punt in Ithumeleng beskikbaar maar slegs vir die bejaardes.

Zastron Guest Houses & B&B's

Die Dampondok

Lintie Swanepoel cell: 082 347 4833

Faks: 086 683 2416

e-mail: lindrieb.ermtravel@galileosa.co.za

Website: www.zastron.co.za/accomodation/berglustpond.html

The Highland Guesthouse

Monica du Plessis Sarieta Franzen

31 Meyer Street Phone/Fax: 051 673 1557

e-mail: highlands.zastron@gmail.com

Website: www.highlandszastron.co.za

Mountain View

Chris & Elzabe Cell: 082 446 9108

Phone: 051 673 1040

e-mail: info@mountainviewzastron.co.za

GPS coordinates: S30 17'840 E4'445

Die Ou Stal B&B

38 George Street Piet & Zen Labuschagne

Cell: 082 416 7832 Tel/Fax: 051 673 1268

e-mail: dieoustal@tiscali.co.za

Tienfontein

AA Superior Rated****

Eugene & Alta Heyns Cell: 082 410 8351

Cell: 082 374 9612 087 550 1699

e-mail: emheyens@nokwi.co.za

Vultures Lodge

Tielman Roos ave. Tania van Tonder

Cell: 076 227 3913 Fax: 086 658 40 46

e-mail: vultureslodge@webmail.co.za

GPS coordinates: S30.17'836 E27.04'224

Mite deur Zastronners onwaar bewys

Die mite bestaan dat bejaarde mense nie in hul ouderdom van woonplek moet verander nie, want hulle word nie in die nuwe gemeenskap op- en ingeneem nie!

Hierdie stelling is deur Zastron se inwoners as totaal onwaar bewys. Ek en Doris het agt jaar gelede as totale vreemdelinge hier aangeland en is dadelik in die gemeenskap opgeneem.

Dankie Zastron!

Tydens Doris se onlangse siekte is ons weereens getref deur julle wonderlike meelewing en ondersteuning.

SNAPPERS

Fish, Chicken & Chips

24 Mathey Street, Zastron

051 - 6731886

FRANCHISE

A Food store that you find only in cities like Cape Town, Johannesburg and Durban is now in ZASTRON

MENU:

- Mini Hake and chips
- Hake and Chips
- 2 Hake and chips
- Calamari and Chips
- Combo 1 - Hake, Calamari and Chips
- Combo 2 - Hake, Half Chicken and Chips
- Combo 3 - Hake, Calamari, Half Chicken and Chips
- Chicken Burgers and Chips
- Double Chicken Burgers and Chips
- The Great Gatsby Roll
- Russian and Chips
- Large Chips
- Large Onion Rings
- Tartare
- Chip Roll
- Pap & Gravy
- Single Snoek
- Bread Rolls
- Vetkoek
- Cheese Grillers
- Small Chips
- Small Onion Rings
- Fish Cakes
- Coleslaw
- Cold drinks
- Single Hake
- Chicken Pieces
- Bread
- Soft Serve Ice Cream

Welcome to the Snappers World!

A world of friendly service, spotless premises and the great taste of fresh fish, tasty chicken, crispy chips - and more!

It's a fantastic new fast food experience that's set to spread across the continent, wherever hungry people, who appreciate good food and value for money, buy.

Next to Trio's Cafe opposite Ellerines Furnishers



Baie, baie dankie vir al die voedsel en klere (vir Rinus) wat sonder vermelding van die sender se naam, by ons afgelewer is.

Liewe vriende, wees asseblief verseker van ons twee oues se opregte dank en waardering. Ons sal julle liefdesdade nooit vergeet nie.

Die Liewe Heer se seëninge word op elkeen van u afgebied.

Met agting en waardering.

Steynie en Doris Steynberg

Hierdie girl moet parlement toe!

In een van Chris Chameleon se vertolkings van 'n Ingrid Jonker gedig, moes hy alles agteruit doen, die woorde moes hy agteruit leer en sing sodat die video so geskied kon word waar hy onder die water in die see uitkom en droog op die strand uitloop. Dowwe Dolla beweer dis wat Ard probeer doen het met die rampspoedige sing van ons Volkslied op die sport glansgeleentheid van die jaar. Dit bring my by my punt vandag.

Ek wil graag vir ons bekende eerwaarde Desmond Tutu sê, wat voorstel dat ons blankes (wittes) welvaartsbelasting moet betaal, en ook wil ek vir jeugleier Julius Malema sê, wat beweer dat daar 'n blanke (wit) besigheidsmonopolie in onse land is, dat hulle dit heeltemal agterstevoor en onderstebo het, want:

Ons GEE, ons sorg, ons voorsien, ons deel uit, ons kook sop, ons bak brood, ons maak ons klerekaste leeg, ons "tip" vir die stoot van trollies by die winkel met twee items in, ons "tip" vir ons kar se oppas, ons "tip" vir ons kar se was. Ons betaal vir uitgebreide familieleden se begrafnisse tot in die derde geslag, ons betaal skoolgeld en boekegeld vir kinders, neefs, niggies. Ons laat ons huishoudster leer, ons brei truië, musse, handskoene, ons koop komberse, ons gee klasse in papiere optel, kook, brei, hekel, kleremaak, spit, boer, plant, koeie melk. Ons GEE.

Ons koop oorpakke, koop verjaarsdagkoeke, koop pille, betaal die taxi, gee ons kosbare padkos langs die pad weg, en "sweeties" deur kar en treinvensers. Ons GEE. Ons skep werk, ons kry jammer, ons bid, ons tel babas is asblikke op en maak hulle groot, ons gee kerspartydjies by kleuterskole in plakkerskampe, ons laat opereer, ons gee ons harte, lewers, niere, poephol en tonge. Ons GEE.

Ons is nie rassisties nie, ons is nie wraakgierig nie, ons bly steeds hier in ons land, ons maak skoon, ry aan, laai af, tel op. Ons troos, verduidelik, ons bly kalm, staan in lang rye en glimlag, en laat die een met krukke eerste gaan. Ons GEE... Het ek al gesê, ons GEE.

So ek dink, iewers tussen êrens en nêrens het julle die kat aan die stert beet, en het julle alles agterstevoor en onderstebo.

ENIELEDAM NAMUH
(Agterstevoor vir Madeleine Human), Bloemfontein

Huis Vergesig

Elke ou ingesetene van Zastron weet; winter hier aan die voet van Aasvoëlberg is nie jou maat nie! Die personeel van Huis Vergesig gaan egter hierdie winter met 'n breë glimlag tegemoet, want hulle het elkeen 'n lekker warm mussie gekry om die winterkoue te troef. Die breiklub van Huis Vergesig het vroegtydig al begin brei, en toe die eerste koue kom, het hulle die warm mussies aan die personeel oorhandig. Baie dankie aan die flukse breiers.

By dieselfde geleentheid is die weners van die geskenkpakke, wat met die basaar uitgeloot is, ook bekendgemaak. Die groot pak, geskenk deur Zastron Kafee, is deur Marietha Klopper gewen, en die kleiner pak, geskenk deur Die Oog Bakkery, is deur Petro van der Merwe gewen.

~Helene Snyman



Die breiklub, saam met die personeel: Marinda Chen, Lucy Fouche, Elsa Rautenbach, Dora van Biljon, Joey Snyman en Ena Breytenbach.

Foto: Verskaf



DIKSTERT PERSIE SKAPE TE KOOP!

Ideaal vir Droëwors.....

Kontak Steph Heyns
0825541914

Oom Happy en die telegramme

In 'n laai kom ek onlangs af op 'n ou sjokoladedoos vol briewe en Kerskaartjies en telegramme. Dit was tussen Ma se goed wat ná haar dood na my toe gekom het. Hoe-kom ek dit nog nie weggesmyt het nie, weet ek nie.

Die pakkie telegramme het ek eerste bekyk: Elkeen was nog in daardie vuilpienk venterkoevert. En elke koevert is netjies met 'n messie of iets skerp oopgemaak. Jy kon nie 'n telegram somer oopskeur nie. Het ek gesê die telegramme het by ons aangekom? 'n Telegram het nie somer soos e-pos deesdae elektronies by jou aangekom nie. Dit is afgelewer deur 'n posman - 'n posman soos oom Happy, ons dorp se posman.

Ek het somer willekeurig een van die koeverte oopgemaak. Dit was die eerste keer in hóé lank dat ek weer 'n telegram vashou.

Baie jong mense weet nie dat jy eens op 'n tyd 'n telegram aan iemand gestuur het wanneer jy hom of haar wou gelukwens met iets of slegte tyding wou gee nie, het ek skielik besef. Dit was nogal 'n gedoente om 'n telegram te stuur: Jy moes na die poskantoor toe gaan, waar jy die boodskap geskryf het, so bondig moontlik, want jy het per woord betaal. Iemand by die poskantoor het dan jou boodskap op 'n teleksmasjien getik en dit gestuur na die poskantoor die naaste aan die persoon wat die boodskap moes kry.

Dit het op sulke lang strokiespapier aan die anderkant uitgekom. Die strokies is dan op 'n spesiale velletjie papier geplak en in die koevert gesit. Dan het die posman dit gaan aflewer, onmiddellik, dadelik, gou. Op die eerste telegram uit Ma se sjokoladedoos het gestaan: "Geluk met verjaarsdag. Ek bel vanaand. Groete Ann." Tannie Ann was Ma se oudste suster.

Toe ek die volgende telegram sien, het ek effens koud geword. "Pappie vanoggend sag weg in hospitaal. Nie nou praat. Kom. Mammie." Het daarop gestaan. Dit was die telegram wat Ouma in Julie 1976 gestuur het toe Oupa dood is. Ek het my verbeel ek sien weer hoe oom Happy daardie middag in '76 by ons huis aankom. Hy was 'n seningrige oompie, met sulke plooië oor sy gesig wat hom permanent hartseer laat lyk het. Hy het met 'n dik-wielfiets gery en 'n uniform gedra. Sy broekspype was met sulke knippies om sy enkels vas.

Oom Happy sou by ons voorhekkie kom roep: "Mevrou! 'n Telegram vir u!" Dit is wat hy altyd gedoen het wanneer hy 'n telegram gebring het. Dan het dit altyd stil in die huis geword. Dit was asof Pa en Ma altyd onwillig was om buitetoë te gaan om die telegram te gaan kry. Oom Happy se naam, het ek ook nou die dag besef, was nie verniet Happy nie.

En dit wat uit 'n sjokoladedoos kom, is ook nie altyd soet nie.

Uit Goeiemôre

Deur Dana Snyman

Rouxville Boeredag 2012

Op Donderdag 3 Mei 2012 het Rouxville Distriks-boere-unie 'n suksesvolle boeredag aangebied. Die program het bestaan uit die volgende:

Kuddekompetisie vir skape en beeste, grasrally, mini-gholf, damesprogram en nog vele meer. Mnr. Claude Moller het as motiveringspreker opgetree waar almal met groot aandag en erns na hom geluister het. Sy onderwerp was "Die denkmiddel van 'n kampioenboer." By die damesprogram het me. Irna Davel gepraat oor "Gryp die lewe".

Die winners van die kuddekompetisie was as volg:

Beeste: Mnr. Eugene Heyns was die eerste pryswenner van die beste groep van drie verse asook die beste individuele vers. Die tweede beste groep verse was Willie Ludik s'n.

Skape: Merinos:

Beste groep- Eddie Prinsloo.

Tweede beste groep- Herman de Wet.

Beste individuele ooi- Herman de Wet.

Dohne: Beste groep- Nellis Wilken.

Tweede beste groep- Nic van Rijswijk.

Beste individuele ooi- Nellis Wilken.

S.A. Vleismerino: Beste groep en individuele ooi was die wenner Gilbert Pretorius.

Dormer: Beste groep- Piet Fouche

Tweede beste groep- Gerhardus Swanepoel.

Beste individuele ooi- Piet Fouche.

Afrino: Beste groep en individuele ooi was die wenner Bosch Steyn.

Wit Dorper: Beste groep- Gerry Adendorff.

Beste individuele ooi- Chris Hattingh.

Dorper: Beste groep en individuele ooi was die wenner Tielie Fouche.

Graag wil ons almal bedank wat die dag bygewoon en geniet het. Sonder die goeie bywoning en ondersteuning van die publiek kon dit nie so suksesvol gewees het nie. Die aand is afgesluit na die prysuitdeling met heerlike musiek en steakete.

Graag wil ons ook net al ons borge bedank vir hulle ruim bydraes en ondersteuning met die dag. In 2013 gaan ons dit nóg lekkerder maak!

Sukses verhaal lees soos 'n Sprokie

Harde werk beloon.

Vir baie jare het die hunkering na 'n eie sakeonderneming alreeds diep in die hart van mev. Debbie Welstead geskuil. Om handgemaakte goedere te maak en te verkoop was eintlik haar droom.

Vir 5 jaar het sy klere ontwerp vir die kunsmark in Bloemfontein en terwyl sy en haar familie op Boshoff gewoon het, was die ideaal van 'n eie winkel nooit uit haar gedagtes nie.

Weens onvermydelike omstandighede moes hulle egter na Zastron verhuis waar sy in 'n plaaslike apteek begin werk het. Die apteek moes egter later sluit, maar die eienaar het die personeel alreeds 'n jaar voor die tyd daarvan in kennis gestel. In hierdie tydperk het sy begin spaar sodat sy 'n klein neseier kon opbou.

Na die sluiting van die apteek het sy, vanuit haar woonhuis, met die vervaardiging en verkoop van tuisvervaardigde goedere begin.

Terwyl sy een middag deur die midde-dorp stap, sien sy 'n leë vertrek, deel van die gebou van 'n groot handelsbank – ideal vir die winkel wat sy beoog. Uitstekend geleë, deel van 'n baie moderne kompleks, regoor 'n besige kafee en heelwat ander winkels – reg in die middel van die besigste deel van die dorp.

Hier het sy, in 2003, met baie min kapitaal, haar besidheid begin – die naam? Heel gepas “Just 4 You” – 'n snoesige hawe waar etlike lekkernye in die “Coffee Shop” geniet kan word.

Weens die baie beperkte fondse het sy self die nodige rakke gemaak van karton dose en oortrek met hessian. Vandag spesialiseer sy in die bak van koeke. Alhoewel sy 'n personeel van 3 aanhou doen sy die bak en versier werk self. Vandag floreer hierdie besigheid, veral onder toeriste – 'n onmoontlike droom wat waar geword het.

Die resepte vir haar sukses? In haar eie woorde – “Deur die hulp van my Hemelse Vader en baie lang ure se harde werk”

~Alex Van Rensburg




Mev. Debbie Welstead in haar “Coffee Shop”

Foto: A.v.R



Die groot verskeidenheid koeke

Foto: A.v.R



Die netjiese winkel

Foto: A.v.R

Vir hom was Zastron ALLES.

Sy Tuiste – sy Huis.

Van agter die groot lessenaar in sy ruim kantoor het hy sy kliente ontvang. In die raadsamer op die burgemeesterstoel was hy 'n algemene gesig. So het hy sy lewe aan die welvaart en vooruitgang van Zastron en sy mense gewy. In sy eie woorde – “Zastron is mos my dorp, my tuiste, my huis – daarom moet ek mos my allerbeste daarvoor gee.”

John Daniel Kestell Saayman (Oom Kestell soos almal hom geken het), is op 15 Maart 1915 in Bloemfontein gebore. Die name John Daniel Kestell, is aan hom toegeken weens die agting en respek wat sy ouers teenoor die welbekende Vader John Daniel Kestell gekoester het.


Nadat hy sy skoolopleiding op Boshof in die Vrystaat voltooi het, het hy die graad BA.LLB aan die destydse Universiteitskollege van die Oranje Vrystaat (UKOVS) behaal. In 1940 open hy, as jong prokureur, sy regspraktijk op Zastron. Hy was getroud met Betsie Pretorius wat hom 'n paar jaar voor sy aftrede ontval het. Vyf dogters is uit die huwelik gebore terwyl 'n seun, Roland, later aangeneem is.

In Oktober 1945 word hy vir die eerste keer tot die stadsraad verkies waar hy vir 48 jaar onafgebroke dien. Hy was, sover vasgestel kon word, die langsdienende raadslid in die Vrystaat. In hierdie tydperk is hy ook 32 keer herkies as burgemeester.

Altyd baie water bewus, het hy 'n groot rol gespeel in die bou van die Montagu Dam. Hierdie dam was destyds groot genoeg om vyf dorpe van dieselfde grootte as Zastron, van water te voorsien. Dit was ook op sy aandrang dat vakansiehuisse langs die dam gebou word en watersport daar beoefen word. Die oord is na hom vernoem en staan vandag as die “Kestell Saayman Oord” bekend.

Deur sy toedoen is 'n groot moderne hospitaal in Matlakeng aangebring – op daardie stadium groter en meer modern as die een in Zastron.

Ander hoogtepunte waarvoor hy verantwoordelik was, was die teer van strate, die oorskakeling na 'n rioleringsstelsel, die bou van 'n publieke swembad wat aan olimpiese standaarde voldoen het, die sentralisasie van sportgeriewe, en vele ander. Met die beplanning van die bou van Huis Vergesig moes die komitee 'n borg vir die lening van ongeveer R350 000-00 kry. Daar is by die stadsraad aansoek gedoen hiervoor. Daar was egter baie teenstand aangesien die belastingbetaler swaar sou moes ly as daar probleme moes kom. Deur sy versienheid het sy beslissende stem gesorg dat dit goedgekeur is. Daar



Raadsheer Kestell Saayman as burgemeester van Zastron.

Foto: Verskaf

SCOTTY'S MIDAS
24-HOURS
24-UUR *All about Timing!*
22 LUCAS MAJOZI STREET ZASTRON
051 - 6731872

Automotive Paint
NOW AVAILABLE AT MIDAS

METALUX Metalux is a leading international paint system used by professional painters worldwide. It offers the full range of colours and a full range of finishes.	Specrylic Specrylic is a special value system with an unlimited range of colours and finishes. It offers the full range of colours and finishes.	Formula The highly sophisticated Formula 1 range of long-lasting automotive finishes, and other products, colours, car care and maintenance products. Get the professional finish you deserve.	INDUSTRIAL ChemSpec's famous Industrial coatings cover the widest range of surfaces, all kinds of metals, steel, aluminium, stainless steel, etc. They provide the best protection and longest life.
--	--	--	--

We can mix any car colour in the world!
Computer controlled colour

CHEM SPEC

Think Paint. Think ChemSpec.



ALSO AVAILABLE

- **SILENCERS**
- **TYRES**
- **NUMBER PLATES**

was nooit probleme nie en Zastron kon spog met 'n te-huis vir bejaardes van die hoogste gehalte.

Buiten sy raadsverpligtinge het hy sedert 1958 vir meer as 27 jaar op die OVS Munisipale Pensioenfonds gedien en was hy 'n stigterslid van die Munisipale Mediese Hulpfonds. In 1962 word hy verkies as lid van die OVS Munisipale Vereniging waar hy vir 25 jaar dien en in 1965 word hy aangestel op die bestuur van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid Afrika. Vir 10 jaar was hy lid van die Suid-Afrikaanse Pensioenfonds en in 1988 die langste dienende lid van die Lesotho Balie. Vir 30 jaar het hy ook op die Kerkraad gedien.

So verdiep was hy in sy voorbereiding vir toesprake op vergaderings dat hy baie keer op pad daarheen sonder brandstof gaan staan het. Skrywer onthou nog die dag toe hy saam met Saayman 'n vergadering op Bloemfontein moes bywoon. Hulle was alreeds laat en in die stad aangekom het hy (Saayman), summier oor 'n stopstraat gery en tussen die verkeer ingedraai. Om 'n botsing te vermy moes 'n aankomende motor, met skreeuende bande, wild uitswaai en aan die regterkant verby skiet. Koel en onbekommerd was Saayman se kommentaar - "Sjoe, maar hulle ry darem onverskillig hier in die Stad!"

In Maart 1991 word raadsheerskappy ("alderman") aan hom toegeken. Om hiervoor te kwalifiseer moet 'n raadslid, volgens die riglyne deur die Vrystaat Munisipale Bestuur neergelê, meer as 25 punte behaal. Hy het maklik met 112 punte gekwalifiseer. 'n Oorkonde en lapel wapen is deur die destydse burgemeester, mnr. Bill Shaer, aan hom oorhandig.

In 1994 bedank raadsheer Saayman as raadslid en verhuis na die see, waar hy op 11 Junie 1995, na 'n kort siekbed, oorlede is. Hy is op Zastron begrawe – hy het teruggekeer, want die wortels op Zastron was baie diep – teruggekeer na sy tuiste – sy huis.

—Alex Van Rensburg, Zastron



Suster A. Basch met die verpleeg personeel van die Matlakeng Hospitaal, 1958.

Foto: Verskaf




Suster A. Basch en haar personeel versorg pasiënte, 1958.

Foto: Verskaf



Eerste personeel en pasiënte van Matlakeng Hospitaal, 1958.

Foto: Verskaf




Die nuwe Matlakeng Hospitaal in 1958, met heugling in die agtergrond.

Foto: Verskaf



Die destydse burgemeester, mnr. Bill Shaer, links, oorhandig die raadsheerskappy oorkonde aan raadshere Saayman.

Foto: Verskaf



Context

Chris Becker, economist at ETM Analytics, recently wrote a blog comparing price inflation of a Steers burger and petrol over the past 10 years. The price of a Steers burger rose by 250% in 10 years, a compounded rate of 13% a year, trumping the petrol price hike over that period. (See below.) *Finweek* looked at the price increases of other goods and services.

PRICE INCREASES OVER THE PAST DECADE



* Information from Pam Golding Properties, Western Cape

www.fintalk.co.za

finweek
MONEY. POWER.

FINWEEK 10 MAY 2012 5

Springboktoekennings vir Landsdienslede

Baie geluk aan die volgende Landsdienslede wat hyl Springbok toekennings verwerf het. Die springbok toekening is die hoogste toekenning wat 'n Hoërskool leerder vir Landsdiens kan ontvang Dit verg toegewyde diens en werk van die lid.

Die criteria het onlangs verander vir die toekenning met meer en moeiliker vereistes vir toekenning. Elke leerder moes 'n protefeulje saamstel om sy nominasie te ondersteun en wat sy landsdiens cv wys.

Baie geluk aan, Jovaan Cloete, Nicolet Botha, Julius Aldum, Cone Wolfaardt, Nicole Gouws en Ryno Swart met die groot prestasie.

Baie geluk ook aan die volgende leerders wat tydens die streekskamp gekies is vir die Nasionale Landsdienskamp in September: Dihan Odendaal, graad 8, Inus de Bruyn, graad 9, Jano Kruger, graad 9, Altus Geldenhuis, graad 9, Louise Naude, graad 9, Charné Janse van Vuuren, graad 9, Melandri Koekemoer, graad 9, Thea Ane Swart, graad 9, Hatting van Zyl, graad 10, Adriaan Bornman, graad 10, Jakkie Prousaloglou, graad 11, Elmè Swanepoel, graad 11 en Nicolet Botha, graad 12.

Nicole Gouws is Jurie en Ina Schoeman se kleindogter



Die Landsdienslede wat Springbokkleure ontvang.

Foto: Verskaf

SQUARES

FURNISHERS & GIFTS

38 REICHENBERG STREET, ZASTRON, 9950

PHONE: 051-6731281, FAX: 051-6731739



Pure Pleasure Electric Blankets Double & Queen - Fitted



MAXWELL WILLIAMS



CREDIT CARD FACILITIES NOW AVAILABLE



NAUDE EN RADEMEYER BK h/a

ZASTRON APTEEK/PHARMACY

Reg nr: 2004/014393/23

Posbus 400

Zastron

9950

Tel/Faks: 051-6731355

Reichenberg str 41 A

Zastron

BTW nr.: 4240203770

E-pos: pc.naude@mweb.co.za

U WELSTAND IS ONS
VERANTWOORDELIKHEID !

YOUR WELLBEING IS OUR
RESPONSIBILITY !

PC Naude

Lede: PC Naudé B Pharm (Potch)

Die Razel.

In die grasse en skone in Aasvaëlberg, was daar baie wilde bynestes en hennier was baie lief vir hennings en het die neste gereed vir-gehaal. Maar hy het eindeloos las by die neste gehad van razele was net so lief was vir hennings. Waar hy het her by hulle probeer uitroei. Maar 'n razel is niemand se man-nie, met sy taai vel en onmeersaambare lavenstel!

"Kendag", so vertel hennier, "sien ek weer 'n razel by een van die neste. Ek het hennier met 'n skerfloop en vuur! Dit was raak! Toe ek nader kom sien ek iets snaaks, langs die razel sien ek hennier-staffies opstaan en die razel is nie dood nie. Toe sou ek sien dat dit die hennier was wat nie deur die taai vel van die razel kon dring nie. Dit slaan terug op die grond en dan weer terug na die razel, sonder weerslae!

Ek het toe my sanna met 'n ekstra groot skoer en skier die razel in sy kop. Die razel was so ver dat my vrou 'n seep-voel seep daarvan gekook het. Die seep was so taai dat ons 'n hele jaar daaraan gebruik het.

Moments by Roland Stafford

Growing up in the 1950's entertainment was radio, records "Rock around the clock" and the CINEMA.

"STAGE AND SCREEN" was in every home. We all wanted a sly glimpse into the lives of "THE STARS". At the back of the magazine were addresses to write to the STARS pouring out adulation and begging for an autograph. Autographs came, but one disappointed me! It was from Deborah Kerr. The photograph was signed, but she hadn't personally signed it.

Years later in London she was appearing in a play in the West End. THE DAY AFTER THE FAIR by Frank Harvey at the LYRIC THEATRE on Shaftesbury Avenue. I went to see it with the Photograph in my pocket.

What a boring, dull play. Why did she do it? Probably for the money. After it was finally over I went around to the Stage Door and asked to see Miss Kerr. "She won't see anyone back stage" was the reply. I took out the photograph and said, "Look, she didn't sign this in person. Will you take it to her and ask her to sign it personally?" He took the photo and went down stairs. A few moments later he came back without it.

With surprise in his voice he said "She will see you! Dressing room number one."



Deborah Kerr

Photo: Supplied

I went down to the stairs and knocked at door number one. "Come in." Said her voice, so familiar from so many films. I opened the door and was surprised to see how untidy the room was. There were Victorian crinoline dresses strewn all over the floor and slung over chairs. She came towards me, stepping on the dresses, with the photo in her hand. "I remember this photograph." She said wistfully. "I had just finished filming 'TEA AND SYMPATHY' and they cut off my hair to play a nun in 'HEAVEN KNOWS MR ALLISON'. She desperately rushed around looking for a pen, but couldn't find one. She picked up a pink makeup pencil and started to write. "It is not taking to the paper very well. It's very faint." "She said as she handed it to me.

"I don't mind. I will know you signed it." And she gave one of her beautiful smiles.

LYRIC THEATRE
STALLS
ADMIT 2 PERSONS ON FRI. DAY
DATE 23 FEB 1973
PERFORMANCE* 8:00pm
* For time of Performance see Daily Press

ROW	SEAT NOS.	PER SEAT
F	10-11	2.35

WEBSTER & GIRLING LTD.
211 BAKER STREET, N.W.1 (01-935 6666)

LYRIC
THEATRE

**THE DAY AFTER
THE FAIR**
by
FRANK HARVEY
Based on a story by Thomas Hardy

Hoërskool Zastron vernietig Bloemfontein Hoërskool

Op Saterdag 26 Mei 2012 was die liga bepaling tussen Zastron en Bloemfontein Hoërskool.

Rugby

Zastron se eerste rugbyspan het Hoërskool Bloemfontein vernietig. Zastron wen die wedstryd 55-6. H/S Bfn het geen antwoorde gehad nie en die tempo waarteen die 1ste span gespeel het was grootliks verantwoordelik vir die reuse paksalae wat hulle gekry het. Met die oorwinning het H/S Zastron 'n plek in die semi-finaal (tuis) vir homself verseker.

Die onder 14 span klop ook vir H/S Bfn met 'n telling van 8-14. Die onder 15 span het 'n taai wedstryd gehad wat wipplank gery het, maar tog H/S Bfn geklop, 19-20. H/S Zastron se 2de span moes na 'n verbete stryd hul knie buig, en verloor die wedstryd 18-17.

Hoërskool Zastron orkes

Baie geluk aan H/S Zastron se orkes wat opgetree het tydens die Bibber en Chill fees te Smithfield. Dít is voorwaar 'n prestasie om 'n vol tent toeskouers te trek om na julle te kom luister. Ons is voorwaar trots op julle!

Netbal

H/S Zastron se netbalspanne het die afgelope week

ligabepalings gehad teen Sand du Plessis in Bloemfontein. Ons dogters het vir die stedelinge gewys hoe netbal gespeel moet word. Uitslae is as volg:

O/7 wen 5-0; O/8 wen 12-4; O/9 wen 14-3; O/10 verloor 9-6; O/11 verloor 12-11; O/12 wen 32-4; O/13A wen 32-4 en O/13B wen 17-12. Baie geluk aan hierdie dogters!

Mini-Craven week

Baie geluk aan Schalk Willem Visser, Kobus du Plessis en Joubert van Zyl wat die afgelope naweek aan die mini-Craven week te Bloemfontein deelgeneem het.

Rugby (Vrystaat proewe)

H/S Zastron is sterk verteenwoordig in die finale proefspanne vir die Vrystaat Cravenweek en akademie span se O/18 en O/16 spanne. Nege O/18 spelers neem deel aan die finale proewe en elf O/16 spelers neem ook deel. Bogenoemde proewe vind plaas op Saterdag 2 Junie 2012 in Bloemfontein.

Redenaars

Baie geluk aan Linda Sidzamba en Keke Spyker wat deurgedring het tot die finale rondte vir die redenaarskompetisie wat op Vrydag 1 Junie te Riebeeckstad plaasvind.

Verjaarsdag

Baie geluk aan mnr. Dawie Venter wat op Sondag 20 Mei 2012 verjaar het en 'n volle half eeu oud geword het. Hoërskool Zastron personeel en leerders sê BAIE GELUK en dankie vir alles wat meneer vir ons doen en beteken. Ons hoop meneer is nog baie jare hier met ons.

VANANCO WHOLESALEERS C.C.

TEL: (051) 673 1346 / (051) 673 1179 (fax)
E-MAIL: vananco.zst@telkomsa.net



PRODUKTE / PRODUCTS

IMPILO M/MEAL

Fresh fruit & veg

Tuesday and Thursday pm

Contact / Kontak:

Ronnie
Ryan
Mark

OTM in winkel /
available in shop



CHAMPION DISTRIBUTORS

4 Mathey Street
Zastron

TEL/FAX 051-673 1773



Verskaffers van MEDAL verf

- Hardware & building material
- Dress Material
- Cement
- Gas

Ons streef daarna om altyd u as kliënt tevrede te hou!

As ons dit nie het nie....kry ons dit!

KONTAK: Hendrik / Martina / Nico vir persoonlike diens!

Zastron Skole – Van Toeka Tot Nou

Saamgestel deur mev. Zouna Fonternel.
Herinneringe van Anniesdal: vervolg

Dr. N.A. Coetzee, se laaste tydjie as onderwyser op Anniesdal breek aan:

Spitskop

“Ek het ook Spitskop beklim en tussen die boonste ringkranse, deur ‘n tunnel, tot heelbo opgekrui vanwaar ek die wêreld om en onder my kon beskou. Aan die een kant van die boonste kranse het die ribbebene van ‘n oerdier, seker ‘n dinosaurus, uitgesteek. Dit het my belangstelling in argeologie geprikkel.

Terug by die huis vertel ek dit aan oom Herman, wat my waarsku teen die klimmery. Daar is die moontlikheid dat die rotse op die punt van ineenstorting staan – mens weet nooit nie.

Baie jare later, op besoek van Transvaal af, aan Zastron opgewing en sy mense, klim ek en my twee dogters vanaf ‘n toe verlate plaas, Spitskop weer die berg uit. Hulle moes ook die dinosaurusbene in die boonste rotskoepel sien. Maar intussen het die rotse werklik afgestort soos oom Herman gewaarsku het, en lê al langs die berghang af. Om daar rond te kruip tussen die onstabiele klippers kon lewensgevaarlik wees. Die uitstappie – geen oerdiere se geraamtes nie, en ons kaal bene boonop erg verniel deur brandnetels – was ‘n teleurstelling.”

Rekenkunde

“By die skool het ek my ingewerk in die onderwys van rekenkunde en my metodes wetenskaplik beantwoord. Tydens ‘n streek-onderwyskongres op Bethulie moes ek op versoek van my skoolhoof ‘n lesing gee oor die onderwys van Rekenkunde, en hoe die kind van kleins af opgelei moet word.”

Houtwerk

“Ek moes ook houtwerk vir sekere seunsklasse gee. Die kamer met die houtwerkbanke en gereedskap het onder by oom Jim van Tonder se huis gestaan in wat seker voorheen sy skuur was. Ek moes op Zastron hout balke en planke volgens voorskrif koop en na Anniesdal skool vervoer. Ek het ook genoeg balke vir myself gekoop en ‘n mooi riempiesbed gemaak in my vrye tyd.”

Werksbevrediging

“Die jaar het verbygegaan, my skoolwerk was ‘n plesier.

My nasienwerk het ek smiddae in die skool gaan doen, asook voorbereidings vir die volgende dag se klasse.”

Afskeid

“By die skool het dit in 1935 nog goed gegaan, ek was lief vir die kinders en hulle vir my, hulle het goed geleer en ek het baie plesier in my skoolwerk gehad. Die afgesonderdheid van die wêreld het my egter bekommer en ek het applikasies gemaak vir ander skole, volgens die poste geadverteer in die Vrystaatse- en Transvaalse provinsiale vakaturelyste.


Gelukkig het ek ‘n brief ontvang van mnr. J.J. Nel, die prinsipaal van die Rustenburgse Hoërskool in die Transvaal.

Hy het ‘n boekhou-onderwyser nodig gehad en die Universiteit van Pretoria genader. Hy het my adres van die Opvoedkunde Fakulteit ontvang en aan my geskryf. Ek het die pos aanvaar vanaf die vierde kwartaal van 1935.

Ek het by die Vrystaatse Onderwysdepartement bedank. By die skool het ek swaar afskeid geneem, na die derde kwartaal Julie-September 1935.

“Vir oulaas het ek Vegkop saam met een van die Le Clus seuntjies gaan klim, en afskeid geneem van die kranse en die vlaktes daar onder.

“Ook oom Herman en Tant Bettie het ek gaan groet, en Herklaas Thom en Bybie agter die bult aan die oostekant. Die afskeid van meneer Van Rensburg was niks besonder nie, maar my eie afskeid van die kinders was vir my iets treurig. My gemoed was baie bewoë en die van die kinders ook.”



ZASTON WHITE TIGERS NUUS

Vrystaat Combat Tang Soo Do Kampioenskappe

Die Vrystaat Combat Tang Soo Do Kampioenskappe het op 12 Mei 2012 in Bloemfontein plaasgevind. Daar het ongeveer 150 krygskunsstudente aan die toernooi deelgeneem. Die Zastron White Tigers het baie goed presteer en die volgende studente het medaljes verwerf:

Pieter MacKay

Geveg: silwer medalje/ tweede plek

Vorm: brons medalje/ derde plek

Neville MacKay

Wapenvorm: goue medalje/ eerste plek

Andre Lubbe

Geveg: brons medalje/ derde plek

Vorm: brons medalje/ derde plek

Antonie Lombaard

Geveg: brons medalje/ derde plek

Vorm: silwer medalje/ tweede plek

Isabella Bezuidenhout

Geveg: silwer medalje/ tweede plek

Vorm: brons medalje/ derde plek

Jo Anne Venter

Geveg: silwer medalje/ tweede plek

Jandrie Venter

Wapenvorm: goue medalje/ eerste plek

Jaun-Marie Franzen

Vorm: brons medalje/ derde plek

IW Pretorius

Geveg: brons medalje/ derde plek

Vorm: goue medalje/ eerste plek

Wapenvorm: goue medalje/ eerste plek

In die spanvorm het die span van IW Pretorius, Neville MacKay en Jandrie Venter 'n silwer medalje/ tweede plek gekry.

Die Zastron White Tigers studente het 18 medaljes tydens hierdie kampioenskappe ingeoes.

Gradering

Die gradering het op 9 Junie in Bloemfontein plaasgevind. Weereens het die Zastron White Tigers hulle goed van hulle taak kwynt gemaak.

Die graderings werk soos volg: Wit belt kan tot drie swart

strepies kry om te verseker dat die student op standaard is om na pers belt te gradeer. Na wit belt kom pers, groen en rooi belte wat elk drie wit strepies het. Studente kan ook hier halwe belte kry - 'n swart strepie, waar goeie vordering erken word maar die student nie 100 % reg is nie. Na rooi drie volg blou belt. 'n Student moet 'n jaar blou belt wees voor hy of sy vir 'n swart belt (eerste Dan) kan gradeer. Swart belt studente moet jaarliks vir 'n "Dan Check" gaan om te verseker hulle is op die regte standaard. Die hoogste swart belt tans in die Combat Tang Soo Do styl in Suid-Afrika is agste Dan. "Grand Master Eddie Jacobson" is die persoon met die gradering en hy is ook die hoof van die Combat Tang Soo Do styl in ons land.

Die volgende studente het gradeer:

Wit na wit met een strepie:

Jacoleen Watkins, Jo-Anne Venter, Anita Chen, Erika Chen en Dawid du Plessis.

Wit na pers een:

Isabella Bezuidenhout en Michau Grobler.

Pers drie na pers drie met 'n swart strepie:

Driekus Kloppe, Henning Naude en Pierter-Schalk Grobler.

Pers twee na pers drie:

Diaan Marais.

Pers drie na groen een:

Antoni Lombaard en Andre Lubbe.

Groen twee na groen twee met 'n swart strepie:

Jandrie Venter en Neville Mac Kay.

Rooi twee na rooi drie: IW Pretorius.


Baie geluk aan al die studente wat gradeer het, ons hou julle toekomstige prestasies met verwagting dop.

Kan julle raai wie is hierdie?



SAMUEL JOHNSON NEWS: MAY 2012

This month was quite a sad month. We had to part with two beloved teachers on our staff. Mr Matlala, our longest appointed Head of Department, accepted the position of Subject Advisor for Natural Sciences in the Xhariep district. We are proud of you, Sir, and may you shine in your new post, just like you did during your time here at Samuel Johnson. We also had to greet Me Fenyane, our "nkgono", who could finally step down after 41 years in teaching! We wish you a well-deserved retirement time, M'am! You were an example to many teachers and loved by the learners – we are going to miss you.



Mr MJ Matlala – Subject Advisor DBE Xhariep District.

Photo: Supplied




Me NL Fenyane – retired on 31 May 2012.

Photo: Supplied

At least we can welcome a new face at our school. Lebohang Mothayi is helping with security on the school premises while teachers are in class. Thank you for your positive attitude, you are of great help!

Fortunately we also have very good news - due to our angel voices in the school choir. They have, once again, received various trophies at the Xhariep District choir competition. Paballo Selemela won first position in the tenor category and Holomo Mohau was first in the baritone category. The choir itself won the Afrikaans



Our new "security guard" assisting with discipline on the school premises – Lebohang Mothayi.

Photo: Supplied

song-category, as well as the HIV/AIDS and Folklore cultural song. Then, at the Free State competition, they obtained third position in the category for Afrikaans songs. Thank you for the hours of practice and commitment, also to Me Mphepuka, Me Mudzanani, Me Dangala, Me Busakwe, Me Fenyane, Me Sebehela, the principal and the SGB for assisting with training, conducting, discipline, clothes and food – we appreciate it, and we are proud of you. What a hard-working and supportive SGB we have – thank you!



The Samuel Johnson school choir with Me Busakwe, Me Mphepuka, Me Mudzanani and Me Dangala.

Photo: Supplied

Another achievement in our school this month, with Me Thormahlen in charge, is that we won a silver award in the Eco-Schools competition. It involves our school being part of a healthy environment and whole-school "GREEN" development.

Sometimes we also take time for relaxing, as we did last week, when the grade 9F and grade 9G learners challenged one another in soccer and netball games. Even the teachers took this event serious. Obviously the teachers were the laughing stocks of many a learner, when they played soccer and netball against the staff of Le-re-la Thuto. This might just become a monthly event?


Except for being physical, our staff is also first in the line when it comes to helping the needy. They all contributed soup ingredients for a very worthy cause. A ginormous pot of soup was prepared for needy families in the community. Thanks to all of you, for showing what "love thy neighbour" means, and thank you to the local VVA branch (Elbie, Marlene, Alta, Lerato, Keke, Thami, Buki, Pricilla and all the volunteers) for assisting with so many social cases at our school. Then also a very big thanks to Mrs Fransulene van der Merwe from the DBE Xhariep District (Sociopaegagogue) who also visited our school for counselling sessions with learners in need of support, as well as discipline in issues in certain classes. Always just a pleasure to experience this lady!



Me Thormahlen with the Eco-Schools Silver Award.


Photo: Supplied

Without support from the community we can just as well stop teaching! Speaking of the community, we would like to thank the South African Police Services, for visiting our school during a difficult time in our town. Thank you for lovingly warning and advising our learners on behaviour during mass actions. We know that you care for us. Excellent support is also experienced from the side of the Department of Health, specifically the Clinic and the Hospital – thank you!



The Samuel Johnson teachers ready to challenge the men of Le-re-la Thuto.

Photo: Supplied



Soup to go – Samuel Johnson staff helped the "Vrystaat Versorging in Aksie" by contributing to the needy families.

Photo: Supplied



Me Smith welcomed the SAPS and members of the SGB when they visited our school.


Photo: Supplied

THE HAPPIEST PEOPLE
DON'T HAVE THE BEST
OF EVERYTHING, THEY
JUST MAKE THE BEST
OF EVERYTHING.

Lere La Thuto Choir

During the second term the Lere La Thuto choir participated in the Department of Education's Choir competitions. They performed very well and Mr Khahleli made his mark as a choir conductor who works very hard and can identify and develop choristers with talent into winners.

In the Mohokare competitions the choir achieved the following positions. The Afrikaans song, the Western and the HIV/Aids song by the full choir, achieved first position. The male and female choir also got the first position in their songs. The two mezzo soprano soloists got first and second positions, the soprano soloist got first position, the tenor soloist got second position and the base soloists got second and third positions. All these choirs and soloists qualified to participate in the Xhariep Choir Competitions.



Mr Khahleli the choir master.

Photo: Supplied

In the Xhariep Choir Competition the following choirs and soloist achieved first position and qualified for the Free State Competitions. The Afrikaans song, the Western and the HIV/Aids song by the full choir achieved first position. The male and female choir also got position first in their songs. The one mezzo soprano soloist got first position. This means that the Lere La Thuto Choir qualified with six items for the Free State Choir Competition. Lere La Thuto was the school with the most items in the Free State Choir Competition, which placed enormous stress on Mr Khahleli the choir master, but he kept cool and went to the Free State Choir Competitions with the six items.

In the Free State Choir Competitions, the competitions were tough and the choir achieved third position in a

new item, The National Anthem, which came in on very short notice. The cherry on the cake was when Puseletso Dondolo, the soprano soloist, got first position in this competition. She now progresses to the National Choir Competitions in Johannesburg in the second week of the June/July holiday.

Lere La Thuto is very proud of our choir, but especially of Puseletso who is representing Lere La Thuto, Zastron, Xhariep and the Free State in the National Choir Competition. We wish her all of the best and hope she will come back to Zastron as the winner.



Puseletso Dondolo the soprano soloist.

Photo: Supplied



**Haters don't really
hate you, they hate
themselves cause you're
a reflection
of what they wish to be.**



GCIS Child Protection activation at Refeng Kgotso informal settlement

- Submitted by Zastron MPCC -

GCIS invited different stakeholders to form part of the intervention at Refeng Khotso informal settlement. Refeng Kgotso is a small informal settlement in Zastron and it mainly consists of Lesotho people. Challenges within Refeng Kgotso is the high rate of child abuse and domestic violence. Statistics of people who have been abused and women who are killed by their husbands are very high. In one case, a Father raped his child several times and was arrested. In another, a husband killed his wife. All these cases affected the residents of Zastron.

During the child protection event there was an organised march done by members of the ANC women's league and community members attending to a case of a 4 year old who was raped by her uncle. After the march they attended the successful child protection event at Refeng Kgotso.

The ward councillor was invited but was committed to other issues and apologised. The ward committees, Ward 3 CDW; Me Lepota, Kgothlang Victim empowerment, SAPS Communication Officer Mr. Yanga Nxgucana, ANC Women's league, Dept. of Home Affairs, Dept. of health Mobile Clinic, Social Workers Dept. of Health allowed people to do voluntary HIV & AIDS testing. Parents and children informed us about the challenges that they face and Social workers addressed them.

Takalani Community Radio station, covering the event, interviewed the audience and made an announcement on Takalani Community radio station. GCIS official Me' Mamogolo Dirane was interviewed on Takalani community radio station.



positive thinking

sees the invisible,
feels the **intangible**,
and can achieve the
impossible.

**A bad attitude
is like a flat tire**

**you can't get very far
until you change it.**

Program om jou reg te kry vir Gatfees 21 km!

10 Week Half Marathon Programme

This 10-week half-marathon training plan for novices gradually builds mileage, blending long runs with faster-paced workouts to boost endurance and develop speed

WEEK	MON	TUES	WED	THURS	FRI	SAT	SUN
1	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	5km EZ	8km LSD
2	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	6km EZ	Rest/XT	5km EZ	8km LSD
3	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	8km w/ 1km @ tempo pace	Rest/XT	5km EZ	8km LSD
4	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	8km w/ 5 miles @ tempo pace	Rest/XT	5km EZ	10km LSD
5	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	6km EZ	Rest/XT	6km EZ	13km LSD or 10-K race (+ 2-K warmup and 2-K cool-down)
6	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	7km w/ 5km @ tempo pace	Rest/XT	5km EZ	10km LSD
7	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	10km w/ 6km @ tempo pace	Rest/XT	5km EZ	16km LSD
8	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	10km w/ 6km @ tempo pace	Rest/XT	5km EZ	19km LSD
9	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	10km w/ 6km @ tempo pace	Rest/XT	5km EZ	14km LSD
10	Rest/XT	5km EZ	Rest/XT	8km w/ 3km @ tempo pace	Rest/XT	5km EZ	RACE DAY! 21.1 kilome- tres

KEY

REST/XT: Ideally, do no exercise. Non-impact cross-training like stretching, yoga, or swimming is fine.

EZ Run: Run at a conversational pace or cross-train. When on a bike or rowing or elliptical machine, maintain a sustained aerobic effort.

LSD: Long, slow distance run that builds endurance. Run at a conversational pace. LSDs are rehearsals for race day – use them to determine your gear choices and fueling strategies before and during the run.

Tempo: These teach your body how to hold a faster pace over time. Do them at a comfortably hard pace, where you can talk in phrases. To find your tempo pace, see 'How fast should I run?' (facing page).

10-K Race: This 'tune-up' race is optional. If you choose to do it, use it as a race rehearsal for your half-marathon – practice what you'll wear, eat, and drink, as well as your pacing strategy.

Poierkwas

Anti-oksidente

Laas maand het ons oor vry radikale en hul uitwerking op die vel gesels. Die maand soek ons 'n oplossing en daarom moet ons gaan kyk wat 'n anti-oksident is.

'n Anti-oksident is 'n voedingstof wat vry radikale kan ontlaai. Anti-oksidente vertraag die skade deur vry radikale te neutraliseer. Hul rol kan vergelyk word met die polisie wat 'n misdadiger aankeer. M.a.w. hul beskerm jou liggaamselle teen die negatiewe effek van vry radikale. Wat staan ons te doen?

- Begin deur elke nag genoeg slaap in te kry.
- Eet meer vrugte en groente – veral die met donker groen, geel en orange kleure. Vrugte soos druiwe, pruime, bloubessies, aarbeie, granate, pienk pomelo's, lemoene en pruime. Spinasie en wortels is ook belangrik. Vitamiene C, A en E is goeie anti-oksidente wat in sekere vrugte en groente voorkom.
- Drink meer rooibostee en groentee! (drink jou groentee yskoud –dan proe dit effens beter!)
- Neute is ook 'n goeie bron.
- As jy 'n multivitamien wil aankoop –let op na die vlg op die verpakking: Beta-karoteen, Lutein, Lycopene, selenium, Vit A, Vit E, Vit C
- Ko-ensiem Q10 is ook 'n goeie mondelinge aanvulling om te neem. Dit kom ook in sommige velsorgprodukte voor.
- Velsorgprodukte met Beta karoteen, Vit A, C en E en hialuronsuur werk uitstekend teen veroudering. Maak egter net seker dat jy 'n goeie produk aankoop –aangesien die anti- oksidant stabiel en so vars as moontlik verpak moet wees. (Skakel my gerus as jy meer hieroor wil uitvind)
- Onthou sonlig vernietig die Vitamiene A in jou vel – dus is dit goed om dit topikaal aan te wend en 'n Vit aanvulling te drink. Hou dus matigheid voor oë as jy lank in die son gaan vertoef.

Nou Ja! Eet 'n gebalanseerde dieët, oefen gereeld en slaap genoeg! Dalk bly jy langer jonk en gesond!

Tot volgende keer,

Anlie (Carmé Velsorgkliniek, 082 934 35 29)

Lees Laissez faire

Dis nou, myns insiens, bykans die enigste voordeel van die vieslike koue winter – wat is nou lekkerder as 'n gesellige ou kaggelvuurtjie, 'n stomende koppie sop en 'n lekker boek? Presies niks, behalwe 'n lekker boek in vuur warm somerhitte op die strand natuurlik!

En? Het jy toe vir prof. Jansen gelees? 'n Ware ou wysheer, is hy nie? Baie stof tot nadenke is daar beslis in daardie bladsy.

Hierdie maand het ek 'n baie interessante boek gelees. Ken nie die boek of die skrywer nie, maar hy het blykbaar al verskeie toekenings ontvang.

Die Boek DRI3, geskryf deur Ted Dekker, is vertaal vanuit Engels. Dit is oorspronklik geskryf as Thr3e. Alhoewel ek beslis verkies om enige boek te lees in die oorspronklike taal waarin dit geskryf is, het hierdie Afrikaanse weergawe per toeval op my lessenaar beland en alhoewel ek aanvanklik skepties was, het ek dit BAIE geniet. (Ten spyte van die Afrikanse storie wat in Amerika afspeel!)

Die storie is 'n meesterlike verhaal van goed, kwaad en alles tussenin. Dit is 'n boeiende verhaal met aksie, spanning, onvergeetlike karakters en groot kinkels en verrassings wat my tot op die einde aan die raai gehou het. Die sielkundige benadering en die ontknoping van vernielde kinders en die gevolge daarvan, het ek besonder baie geniet. Ek wil nie graag te veel sê nie, want dit gaan die hele "punch line" weggee, maar ek kan wel met sekerheid sê dat die hoofkarakter en Sybil heerlik sal kuier – die 6 van hulle sal baie in gemeen hê...!

Ek het die storie bietjie getoets deur die boek aan te stuur vir ons arbeidsterapeute en Claudia, maatskaplike werker, aangesien hierdie tipe psigiatriese diagnoses so reg in hulle kraal val, en ek was toe nou nie verkeerd nie. Hulle kon dit ook nie neersit nie en het die invalshoek na waarde waardeer.


So, ek beveel aan dat jy DRI3 in die taal van jou keuse lees. (Jy kan gerus ook my geleende kopie kom leen, as jy belangstel, of vir Ted eers wil toetsbestuur!)

Ek sal definitief weer van Ted Dekker se werk lees – die keer in die oorspronklike rooi taal – en dan laat weet ek julle dadelik hoe dit proe.

Kook sop, kerf biltong, steek jou kaggel aan en lees!

Groetnis

Retha



Pretblad / Fun Page

Cryptic Clues: Here is the next instalment of cryptic clues and the answers to last months'. How many did you get right? It's fun! Enjoy!

NO	CRYPTIC CLUE	EXPLANATION
1	24 H in a D	24 hours in a day (EXAMPLE)
2	26 L of the A	26 letters of the alphabet
3	7 D of the W	7 days of the week
4	7 W of the W	7 wonders of the world
5	12 S of the Z	12 signs of the Zodiac
6	66 B of the B	66 books of the Bible
7	52 C in a P (WJ's)	52 cards in a pack (without Jokers)
8	13 S in the USF	13 stripes in the US flag
9	18 H on a GC	18 holes on a golf course
10	39 B of the OT	39 books of the Old Testament
11	5 T on a F	5 toes on a foot
12	90 D in a RA	90 degrees in a right angle
13	3 B M (S H T R)	3 blind mice (see how they run)
14	32 is the T in D at which W F	32 is the temperature in degrees Fahrenheit at which water freezes
15	15 P in a RT	15 players in a rugby team
16	3 W on a T	3 wheels on a tricycle
17	100 C in a R	100 cents in a Rand
18	11 P in a F (S) T	11 players in a football (soccer) team
19	12 M in a Y	12 months in a year
20	13 = UFS	13 is unlucky for some
21	8 T on an O	8 tentacles on an octopus
22	29 D in F in a L Y	29 days in February in a leap year
23	27 B in the N T	27 books in the New Testament
24	365 D in a Y	
25	13 L in a B D	
26	52 W in a Y	
27	9 L of a C	
28	60 M in a H	
29	23 P of C in the H B	
30	64 S on a C B	
31	9 P in SA	
32	6 B to an O in C	
33	1000 Y in a M	
34	15 M on a D M C	


SODUKO

OPLOSSING VAN NOMMER 4:

6	5	9	2	7	3	8	1	4
3	2	4	8	1	5	9	7	6
1	7	8	6	9	4	2	5	3
2	6	1	5	4	8	3	9	7
4	9	7	3	2	1	6	8	5
8	3	5	9	6	7	4	2	1
7	4	3	1	8	9	5	6	2
9	1	6	4	5	2	7	3	8
5	8	2	7	3	6	1	4	9

NOMMER 5:

9	1	8	3	4	2	5	7	6
4	6	2	5	8	7	1	3	9
3	7	5	1	6	9	4	2	8
2	5	9	6	3	4	8	1	7
7	3	1	9	2	8	6	4	5
6	8	4	7	5	1	2	9	3
5	9	6	4	1	3	7	8	2
8	4	3	2	7	6	9	5	1
1	2	7	8	9	5	3	6	4



My ouma het hierdie kerriesop "ontwerp" en ons mae op menige geleentheid warm gemaak. Dit is in ons huis sinoniem met winter en koue aande. Probeer dit gerus saam met 'n volgraan broodjie. Heerlik!

Maalvleis-kerriesop

Genoeg vir so 6 mense.

Bestandele:

1 koppie maalvleis
1 koppie wortelblokkies
1 koppie uie blokkies
2-3 koppies blomkool-blommetjies
1 geskilde, gesnyde tamatie
1 koppie aartappelblokkies
1 pakkie oxtail soppoeier
Kerriepoeier na smaak

Metode:

Braai vleis en uie tot bruin. Voeg kerriepoeier by en braai nog bietjie. Voeg tamatie by en braai nog bietjie. Gooi so 1 liter water by en laat kook dit terwyl die res van die groente voorberei word. Gooi wortels en aartappels by en kook tot gaar. Gooi laastens blomkool by sodat dit nie te gaar word en uitmekaarval nie. Maak dik met die pakkie oxtailsop.

Bedien op 'n koue aand. Dis vrek lekker!

Die volgende resep het verskyn in een van daardie resepteboekies wat bymekaargesit word vir fondsinsameling. Ek gebruik hierdie resep elke keer as ek spaghetti maak.

BASIC BOLOGNAISE SAUCE

Ingredients:

1 finely chopped onion
1 tsp. freshly crushed garlic
500g mince
2 tins whole peeled tomatoes - chopped
1 small tin tomato paste
1 - 2 tbs. Worcester sauce
1 tsp. sugar
1 tsp. salt
 $\frac{1}{2}$ tsp. oregano
 $\frac{1}{2}$ tsp. sweet basil
Few shakes black pepper

Method:

Fry onion and garlic until glassy, then add mince, mixing until the mince is all crumbly and then add the rest of the ingredients. That's it! This is great to make in the morning already or make to freeze. It is even nicer if it is reheated.

WHAT IS LOVE.....

What Love means to a 4-8 year old... Slow down for three minutes to read this. It is so worth it. Touching words from the mouth of babes... A group of professional people posed this question to a group of 4 to 8 year-olds, 'What does love mean?' The answers they got were broader and deeper than anyone could have imagined:

"When my grandmother got arthritis, she couldn't bend over and paint her toenails anymore. So my grandfather does it for her all the time, even when his hands got arthritis too. That's love." Rebecca - age 8.

"When someone loves you the way they say your name is different. You just know that your name is safe in their mouth." Billy - age 4.

"Love is when a girl puts on perfume and a boy puts on shaving cologne and they go out and smell each other." Karl - age 5.

"Love is when you go out to eat and give somebody most of your French fries without making them give you any of theirs." Chrissy - age 6.

"Love is what makes you smile when you're tired." Terri - age 4.

"Love is when my mommy makes coffee for my daddy and she takes a sip before giving it to him, to make sure the taste is OK." Danny - age 7.

"Love is what's in the room with you at Christmas if you stop opening presents and listen." Bobby - age 7. (Wow!)

"Love is when you tell a guy you like his shirt, and then he wears it every day." Noelle - age 7.

"Love is like a little old woman and a little old man who are still friends even after they know each other so well." Tommy - age 6.

"During my piano recital I was on a stage and I was scared. I looked at all the people watching me and saw my daddy waving and smiling. He was the only one doing that. I wasn't scared anymore." Cindy - age 8.

"Love is when Mommy gives Daddy the best piece of chicken." Elaine - age 5.

"Love is when your puppy licks your face even after you left him alone all day." Mary Ann - age 4.

"I know my older sister loves me because she gives me all her old clothes and has to go out and buy new ones." Lauren - age 4.

"When you love somebody, your eyelashes go up and down and little stars come out of you." Karen - age 7.

"You really shouldn't say 'I love you' unless you mean it. But if you mean it, you should say it a lot. People forget." Jessica - age 8.

And the final one: The winner was a four year old child whose next door neighbour was an elderly gentleman who had recently lost his wife. Upon seeing the man cry, the little boy went into the old gentleman's yard, climbed onto his lap, and just sat there. When his Mother asked what he had said to the neighbour, the little boy said, "Nothing, I just helped him cry".

**Life is too short to
stress yourself with
people who don't even
deserve to be an issue
in your life.
-Anon**

KERKDIENSTE CHURCH SERVICES

~ N.G. KERK ~

Eredienste: 09:30

Leraar: Ds. Coenie Jacobs 051 673 1075

Skriba/Kassier: Mev. H. van Eyssen 051 673 1333

Kantoor-ure: Maandag tot Vrydag 08:00 - 13:00

Koster: Mnr. A.D. Connaway 051 673 1339

~ METHODIST CHURCH ~

Services every 2nd Sunday a month (Communion) and 4th Sunday.

Services start with praise and worship 11:00

Leslie & Leba Higgs 051 673 1130

~ VOLLE EVANGELIE KERK VAN S.A. ZASTRON ~

Leraar: Pastoor Sampie Leeuwner 082 468 5566

Byeenkomste: Sondag om 09:30

~ MARANATHA SENDING / MISSION ~

Plek / Place: Gustavus Str. 15

Kerkdienste / Service Times

Oggenddiens / Morning Service: 10:00

Dinsdagaandbyeenkoms / Tuesday evening Fellowship: 19:00

~ AGS LEWENDE WATERS / AFM LIVING WATERS ~

Majozi Str. 26, Zastron

Pastoor André Langenhoven 082 068 6479 / 051 673 1808

Erediens & Kinderkerk: 10:00 ; Aanddiens: 18:00

Biduur (Woensdag): 18:30; Jeug (Vrydag): 19:00